

Voorgestelde proses vir die hersiening en bywerking van vakwoordeboeke

Mariëtta Alberts

Mariëtta Alberts, onafhanklike navorser

Opsomming

Afrikaanse vaktaal loop die gevaar om as wetenskapstaal te verdwyn indien vakkundiges, akademici, taalpraktisyne en selfs leke nie 'n daadwerklike poging aanwend om Afrikaanse terme te skep, te dokumenteer, te versprei en te benut nie. Die meeste vakwoordeboeke en termlyste wat tans bestaan, is slegs vertalende lyste omdat dit ten tye van die opstel of samestelling daarvan (tussen 1925 en 1995) van belang was om so vinnig moontlik Afrikaanse ekwivalente vir Engelse brontaalterme te voorsien. Die doel was om Afrikaanse terme aan gebruikers beskikbaar te stel sodat Afrikaans, naas die oorheersende Engelse wêreldtaal, as wetenskapstaal kon groei en sy regmatige plek as vaktaal in Suid-Afrika kon inneem. Hoewel daar volgens 'n opname wat in 2015 gedoen is (Alberts 2015), toe reeds 365 vakwoordeboeke en termlyste beskikbaar was met Afrikaans as een van die behandelde tale, is die meeste van hierdie vakwoordeboeke en termlyste nou verouderd en sommige is selfs nie meer algemeen beskikbaar nie, en waarskynlik reeds uit druk.

Hierdie verouderde vakwoordeboeke en termlyste behoort dus indringend hersien en bygewerk te word indien Afrikaans as wetenskapstaal wil voortleef. Hierdie artikel beoog om riglyne te verskaf vir die proses om vakwoordeboeke en termlyste te hersien en by te werk. Die *Veeartsenykundige woordeboek / Veterinary science dictionary* (1978) van die destydse Vaktaalburo, Departement van Nasionale Opvoeding dien as voorbeeld van sodanige hersienings- en bywerkingsproses. Die voorgestelde proses geld uiteraard ook vir ander vakwoordeboekprojekte. Hersiening en bywerking behels verskeie terminografiese prosesse, en verskeie aspekte van die voorgestelde proses sou ook deur voornemende samestellers van nuwe vakwoordeboeke en termlyste benut kon word.

Trefwoorde: brontaal; bywerking; definiëring; definisie; doeltaal; hegemonie; hersiening; standaardisering; taalbeplanning; termekwivalent; terminografie; terminologie; termlys; termskepping; vaktaal; vakwoordeboek; verklaring; wêreldtaal

Abstract

Suggested process for the revision and updating of technical dictionaries

The various occupations exercised by a language community result in the development of several occupational or professional languages called technolects or languages for special purposes (LSPs). Every occupation, academic, scientific, technical area, sport or domain, like art or music, develops its own LSP, and for each discipline a new LSP develops with a unique terminology (technical vocabulary). The source language and target language terminologies should be documented, systematised and disseminated to target users, i.e. laypeople, professionals, academics, scientists and experts in their fields. The terminology should also be standardised to ensure proper communication within the given subject area or domain. Standardisation is a process whereby the terminology becomes standardised through frequent usage and the resulting penetration of the terminology in the given subject areas and languages. Cooperation among the compilers of terminological lists and dictionaries is necessary, because a duplication of projects results in a proliferation of terms for a given concept in a specific subject area or language. The proliferation of terms for the same concept prevents the standardisation process since more than one term for a given concept results in miscommunication. LSPs form the basis of specialist communication because they contain the terminologies of various subject areas, domains and subdomains. The point of departure in terminology work is always conceptual. It is, therefore, important to work according to a subject-oriented approach to harvest terminology (i.e. the vocabulary of the given discipline or domain).

In South Africa this is the approach followed to document terminology. The language policy of a country has an influence on terminology development. During the previous bilingual dispensation of the country a language-planning approach to terminology development was also followed to ensure the development of Afrikaans to be on par with the global English language. During this period a translation-oriented approach was also followed by translators who had to translate English and Afrikaans documents, and while doing that they documented the source and target language terminology for future usage. They thereby developed and standardised Afrikaans terminology. The development of Afrikaans technical language enjoyed a boom period between 1925 and 1995 due to the then bilingual dispensation, and several technical dictionaries and term lists were compiled and published at the time by subject specialists, language practitioners and publishing houses. During the bilingual dispensation it was of the utmost importance to provide Afrikaans term equivalents to the English source language terms as quickly as possible. The aim was to provide Afrikaans target users with Afrikaans terms to ensure Afrikaans's position in relation to the global English language, thereby making sure that it gained its rightful position as a language for special purposes in South Africa. Most of these dictionaries were bilingual bidirectional translation dictionaries. Definitions were not usually provided, since that would have been a time-consuming activity that would postpone the dissemination of terminology to target users. The terminologists worked in close collaboration with subject specialists who described the meaning of the concepts and assisted in creating Afrikaans term equivalents.

The current multilingual dispensation requires terminology development in all the official languages, and the development of signs in the South African Sign Language (SASL). There is a huge backlog in the development of the terminologies of the African languages and SASL, and the language-planning approach is again followed to develop the previously marginalised languages. Due to the backlog in terminology development in the African languages and SASL

it is not always possible to develop the terminology of these official languages in the higher echelons of science and technology and therefore a community-oriented approach is often followed to ensure technical communication with and among the citizens of the country. The hegemony of English, however, prevents terminology development in the other official languages. Even Afrikaans, with its huge terminology heritage, is facing survival problems, and subject specialists, academics, language practitioners and even laypeople should participate in the process of creating Afrikaans terms and their documentation, standardisation, dissemination and utilisation to ensure its future position as a scientific and academic language.

Although a survey done in 2015 (Alberts 2015) indicated 365 published technical dictionaries and term lists with Afrikaans as one of the languages involved, most of these dictionaries and term lists are outdated, not generally available, and probably out of print. These dictionaries do, however, contain valuable terminological content which may still be very relevant in the various subject areas and domains, and should be revised and updated to ensure the future of Afrikaans as a scientific and academic language. The old English-Afrikaans / Afrikaans-English technical dictionaries should be digitised and made available to terminologists and subject specialists to provide African language term equivalents and signs in SASL.

The article focuses on the terminological principles and terminographical processes to be followed when an existing technical dictionary or term list is revised and updated. The *Veeartsenykundige woordeboek / Veterinary science dictionary* (1978) of the former Terminology Bureau, Department of National Education serves as an example of such a revision and updating process. This article aims to provide guidelines and to describe the relevant steps to be followed to revise and update technical dictionaries and term lists. The initial step to be taken is to appoint a subject committee consisting of specialists in the given subject area to plan and conduct the revision process. The subject committee should control the managerial aspects of the project, such as the appointment of subcommittees to revise and update the subdomains of the subject area. It should furthermore determine timelines and appeal for and obtain financial support. The article also deals with relevant terminographical issues such as the planning of the project, the demarcation of the subject area and subdomains, and the defining of core and generic concepts in source and target languages receiving attention. The printed dictionary to be revised should be digitised and the data captured in a terminology management system to enable the manipulation of the terminological data. The terminographical processes, i.e. methodology and practices to follow during the revision and updating process, are described, such as the development of a style guide, the excerption process to harvest new terms, dealing with source language and target language terms, editorial management, assessment and validation of terminological data and the finalisation of the project to be disseminated in hard copy or online format. Several examples are provided on issues such as typography and style guides that need to be followed. The proposed process also applies to other technical dictionary projects. The revision and updating process requires several terminographical processes, and various aspects described in the proposed process could also be utilised by anyone intending to compile new technical dictionaries and term lists. Subject-related communication could assist in promoting the official, provincial and local languages to become functional languages in all spheres of human activity. It is therefore important to secure, retrieve, revise, and update the terminology of various subject areas and domains in all registers to enable subject-related communication.

Keywords: defining; definition; explanation; global language; hegemony; language for special purposes (LSP); language planning; revision; source language; standardisation; target language; term creation; term equivalent; term list; terminography; terminology; updating

1. Inleiding

As gevolg van die verskeidenheid beroepe wat deur die lede van 'n taalgemeenskap beoefen word, ontstaan daar 'n aantal beroepstale of tegnolekte wat “vaktaal” of “taal vir spesifieke doeleindes” (Engels: language for special purposes, of LSP) genoem word. Elke beroep, wetenskaplike of tegnologiese rigting, sportsoort of domein (soos die kunste en musiek) ontwikkel sy eie vaktaal, en vir elke nuwe vakdissipline wat ontwikkel, ontstaan daar 'n nuwe vaktaal met 'n unieke terminologie (vakwoordeskat). Elke beroep of vakdissipline ontwikkel gevolglik sy eie vaktaal wat sistematies gedokumenteer en aan die betrokke vakgemeenskap beskikbaar gestel moet word om gestandaardiseerde vakkommunikasie binne die bepaalde terrein en in die bron- en doeltale moontlik te maak (Alberts 1998a, 2003:128; Alberts en Taljard 2022:539). Vaktaal vorm dus die basis van spesialiskommunikasie, want die terminologieë van verskillende vakgebiede, subgebiede en domeine is daarin vervat (Alberts 2019a:6).

Die behoefte aan ondubbelsinnige kommunikasie in die teoretiese en toegepaste velde van menslike aktiwiteit neem steeds toe (Mollema en Alberts 2011; Alberts en Mollema 2013). Terminologie ondersteun verder ook taalontwikkeling, die skep van kennis en die verspreiding van inligting, want terminologie is die medium waardeur inligting versprei en kennis oorgedra word (Alberts 2003:128). Wanneer dit dus by vaktaal kom, soos dié wat in die onderwys, ekonomie, regte, wetenskap en tegnologie gebruik word, moet die gestandaardiseerde terminologieë van verskeie vakgebiede, domeine en werkverwante belangegebiede beskikbaar wees om suksesvolle konseptualisering, inligtingontsluiting, ordening van kennis, kennis- en inligtingoordrag en kennisverwerwing te ondersteun. Dit alles ter voorbereiding van 'n (taal)gemeenskap vir die arbeidsmark. Daar is derhalwe 'n voortdurende behoefte aan onlangse terminologie (vgl. Alberts 2003:128).

Elke vakgebied, hoe eenvoudig of gespesialiseerd ook al, beskik oor 'n unieke stel terme wat bepaalde begrippe uniek benoem. Vakspecialiste gebruik terme om te kommunikeer, maar hierdie terme is nie noodwendig vir die leek verstaanbaar nie. Terminologie is dus noodsaaklik vir sinvolle kommunikasie tussen vakspecialiste, maar ook tussen die vakspecialis en die leek (bv. tussen die veearts en die (troetel)dier se eienaar). Mense van verskillende nasionaliteite en taalgroepe moet ook in staat wees om sinvol oor 'n wye vakgerigte spektrum te kommunikeer. Dit is gevolglik noodsaaklik om terminologie op 'n sistematiese wyse te dokumenteer, te standaardiseer en te versprei om eenduidige kommunikasie tussen die verskillende gebruikersgroepe moontlik te maak (Alberts 2003:128).

Suid-Afrika het die afgelope aantal jare geweldige verandering beleef. Daar was 'n algehele herstrukturering van die arbeidsmag en die verskillende bevolkingsgroepe het groter betrokkenheid gekry ten opsigte van eie en algemene sake. Die terreine van die wetenskap, ekonomie en die tegnologie het ook meer toeganklik geraak. Politieke en sosiale verandering het die funksionele rol van die inheemse tale grootliks verander. In die nuwe, demokratiese Suid-Afrika maak die Grondwet voorsiening vir meertaligheid en vir die ontwikkeling van die taalerfenis van die onderskeie taalgemeenskappe (vgl. Alberts 2003:127). 'n Groot behoefte aan terminologieskepping ontstaan hieruit, aangesien verskillende sake nou in die tale van die onderskeie gemeenskappe bedryf word (vgl. Mtintsilana en Morris 1988:109). Deur die korrekte aanwending van gestandaardiseerde terminologie kan die wetenskaplike, ekonomiese en tegnologiese kommunikasievermoëns van 'n land se inwoners gevolglik ontwikkel word.

Globale wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang, nuwe spesialisvelde en die tempo van nuwe ontwikkelings plaas Suid-Afrikaners midde-in die wêreldwye kennisontploffing waarbinne effektief gekommunikeer moet word (vgl. Luther 2005; Beukes en Pienaar 2010). Daar bestaan gevolglik in Suid-Afrika 'n groot behoefte aan meertalige terminologie op verskeie vakterreine. Wanneer doeltreffende kommunikasie binne en oor 'n spesifieke spesialisveld onmoontlik raak omdat die taalgebruikers nie oor die nodige terme in die moedertaal beskik nie of nie weet waar om die regte terme te vind nie, is daar geen ander opsie as om na Engels oor te slaan nie (vgl. Luther 2005). Aangesien taal die vervoermiddel van terminologie is, kan die landstale deur vaktaal verder ontwikkel. Almal kla oor die hegemonie van Engels, maar min pogings word werklik gekoördineerd aangewend om die vaktale van die verskillende vakterreine in die amptelike tale te ontwikkel. Hoewel Afrikaans aanvanklik as taal van onontwikkelde beskou is en net geskik was vir mondelinge gebruik in die private lewe (vgl. Scholtz 1980:3; Botha 1989:133), kon dié taal wat te laag gewaardeer is en waaraan die “kombuistaal”-etiket te sterk gekleef het (vgl. Van Rensburg 2021:70), onder andere danksy sy eeu lange terminologieontwikkeling van 'n sogenaamde kombuistaal in 'n effektiewe wetenskapstaal ontwikkel (Alberts s.j.).

Hoewel terminologiese en terminografiese aktiwiteite nie altyd koste-effektief is nie, is dit steeds van historiese, kulturele, sosiale, funksionele, akademiese en wetenskaplike belang om soveel moontlik terminologieë te sistematiseer, te dokumenteer, te standaardiseer en te versprei (vgl. Alberts 2003:128).

Alhoewel terminologie as 'n kunsmatige taal beskou kan word, moet die terminoloog verskeie sosioterminografiese faktore in ag neem by termskepping en vakwoordeboeksamstelling (Alberts 1988, 1998). Vakspesialiste en terminoloë poog om ondubbelsinnige bron- en doeltaalterme vir goed gedefinieerde begrippe te verskaf. Om dié doel te bereik, is dit noodsaaklik om die presiese betekenis van terme te bepaal ten einde gebruikers in staat te stel om dit te verstaan en op 'n universeel aanvaarbare wyse te gebruik (vgl. Alberts en Mollema 2013).

Dit geld ook vir die sistematisering en standaardisering van gebare wat begrippe in Suid-Afrikaanse Gebaretaal verteenwoordig. Die Suid-Afrikaanse Grondwet stel dit trouens duidelik dat elke landsburger, sosiale en ekonomiese groep die reg het op toegang tot inligting in hulle moedertaal (vgl. Luther 2005). Oorlewing in die hoogs mededingende wêreld van die wetenskap en tegnologie noodsaak die gebruikers van die Afrikatale om hulle begripmatige siening van hul tale te verander en aan te pas by die sosiale, kulturele en ekonomiese begrippe van die moderne wêreld (Ferreira 2002:169). Die Afrikatale moet beskou word as hulpmiddele om wetenskaplike en tegnologiese kennis onder die massas te populariseer en behoort gevolglik ontwikkel te word om as funksionele tale van kommunikasie op alle vlakke van die samelewing gebruik te kan word (vgl. Abdulaziz 1989:32). Terminologiegroei is volgens Nkabinde (1992:95) gebonde aan die mens se betreding van wetenskaplike, ekonomiese en tegnologiese lewensgebiede.

Die nasionale terminologiekantoor, nou die Terminologiekoördineringsafdeling (of TCS, na die Engelse naam, Terminology Coordination Section – in die praktyk word slegs die Engelse kantoorbenaming en afkorting gebruik en geen voorsiening word gemaak vir die benamings/afkortings in enige van die ander amptelike tale nie), 'n direktoraat binne die Nasionale Taaldiens van die Departement van Sport, Kuns en Kultuur), het sedert 1994 begin om navorsing te doen oor woordvormingsbeginsels in die Afrikatale, en in 1995 is Afrikataalterminoloë in diens geneem. Sedertdien word daar veral aan die ontwikkeling van terminologie in die Afrika-

tale (vgl. TCS 2018), en vanaf 2024 ook in die Suid-Afrikaanse Gebaretaal, aandag gegee. Verrykte inligting soos definisies en gebruiksvoorbeelde word ook verskaf. Die brontaal is steeds Engels en begrippe word slegs in Engels verklaar met doeltaalterme in Afrikaans en die nege Afrikatale. Die gebare van begrippe in Suid-Afrikaanse Gebaretaal word met behulp van videorepre gedokumenteer (Layton en Alberts 2024).

Afrikaans het 'n baie ryk geskiedenis van tweetalige vakwoordeboeke en termlyste wat onder die vorige bedeling saamgestel is toe Afrikaans 'n meer bevoorregte status gehad het (Alberts 2010; Beyer en Louw 2022). Hoewel daar volgens 'n opname wat in 2015 gedoen is (Alberts 2015), toe reeds 365 vakwoordeboeke en termlyste beskikbaar was met Afrikaans as een van die behandelde tale, is die meeste van hierdie vakwoordeboeke en termlyste nou verouderd en sommige is selfs nie meer algemeen beskikbaar nie, en waarskynlik reeds uit druk of slegs nog aanlyn beskikbaar, byvoorbeeld by tersiêre instansies en op die SADiLaR- en VivA-portale (vgl. Taalsentrum, Universiteit Stellenbosch 2024; OERTB 2017; VivA 2024; SADiLaR 2024; Wikipedia 2024). Afrikaans loop die gevaar om as wetenskapstaal te verdwyn omdat Engels tans die lingua franca in opleidingsinstansies en die werksplek is.

Daar word tans by die meeste staatsinstellings (op nasionale, provinsiale en plaaslikeregeringsvlakke) meestal aandag gegee aan die ontwikkeling van die terminologie in die amptelike Afrikatale (en gebare in die geval van die Suid-Afrikaanse Gebaretaal) – Afrikaans word nie as sodanig uitgesluit nie, maar die meeste terreine waarop daar tans gewerk word, beskik reeds oor gestandaardiseerde Afrikaanse terme en daar is gevolglik geen vernuwing deur onder andere nuwe benoemings en nuutskeppings vir begrippe in Afrikaans nie. Die afskaling van Afrikaanse terminologieskepping moet ten alle koste vermy word, want Afrikaanse vaktaal is 'n kosbare juweel wat selfs in die buiteland erkenning geniet. Gelukkig is daar steeds verskeie private inisiatiewe deur vakkundiges, akademici en taalpraktisyne (soos vertalers) wat na behoefte die terminologie waarmee hulle daagliks omgaan, dokumenteer en versprei.

Daar kan aan verskeie van bogenoemde kwessies aandag gegee word deur bestaande tweetalige vakwoordeboeke te hersien en by te werk. Afrikataal-termekwivalente en gebare vir begrippe in Suid-Afrikaanse Gebaretaal sou ook tydens hierdie proses bygevoeg kon word.

2. Vaktaalgebruikers

Vakwoordeboeke word nie bloot saamgestel nie – elkeen is 'n unieke hulpmiddel wat vir 'n bepaalde teikengroep (gebruikersgroep) saamgestel word. Die teikengroep vorm deel van 'n bepaalde vakgroep met 'n spesiale belang in 'n sekere vakgebied, maar daar is ook taal of tale ter sprake. Die invalshoek van terminologieskepping is egter vakgeoriënteerd en nie van meet af taalgeoriënteerd nie. Die brontaalterme van 'n bepaalde vakgebied moet eers gedokumenteer word en die terme moet met mekaar in verband gebring word om 'n geheel te vorm – dit word primêre terminologieskepping genoem (Alberts 2017:89, 2019a:84–5). Daarna word die terme in vakkonteks gedefinieer en eers dan word vertaalekwivalente in ander tale verskaf (sekondêre terminologieskepping) (Alberts 2017:89–90, 2019a:84–5). Hierdie proses raak tot 'n meerdere of mindere mate verskillende gebruikersgroepe, soos die terminoloë, vakkundiges, taalpraktisyne, vak- en taalgemeenskappe en die algemene gebruikerspubliek, en elke groep het 'n bepaalde betrokkenheid by vaktaalontwikkeling (Alberts 2019a:35–7).

Daar behoort samewerking en skakeling tussen belanghebbendes, rolspelers en medewerkers (bv. vakspesialiste en taalkundiges) te wees (Cluver 1989a:150–73; 1989b:18–25, 51; Alberts 2019a:35–7, 60). Om dit te vermag, kan verskillende benaderings gevolg word om terminologie te versamel en te dokumenteer – dit geld ook vir die hersienings- en bywerkingsproses:

- **Vakgeoriënteerde terminografiese benadering** (Engels: subject-oriented terminographic approach). Dit is die tradisionele wyse waarop terminologie verkry word deur veral vakkundiges te raadpleeg. Dit is die benadering wat hoofsaaklik deur verskillende taalkantore, tersiêre instansies en individue (vakkundiges) gevolg word wanneer terminologie gedokumenteer word. Hierdie terminologieversamelingsproses volg 'n begripmatige benadering en die fokus word op begrippe binne 'n bepaalde vakgebied geplaas. Daar bestaan 'n generiese of ontologiese verband tussen begrippe en die onderliggende begripmatige stelsels binne 'n vakgebied en sy subterreine (Alberts 2017:79–86, 177–9; 2019a:4–6, 55–7, 79–80, 123–6).
- **Vertaalgeoriënteerde terminografiese benadering** (Engels: translation-oriented terminographic [TOT] approach). Met hierdie benadering verskaf vertalers termekwivalente vir brontaalterme terwyl hulle doeltaaldokumente vertaal. Deur hierdie terme sistematies te dokumenteer en herhaaldelik te gebruik, dring die terme die bepaalde vakterrein binne en die vertaler standaardiseer sodoende die brontaalterme en vertaalde doeltaalterme (Alberts 2017:179–83, 210–5; 2019a:60).
- **Gemeenskapsgeoriënteerde terminografiese benadering** (Engels: community-oriented terminographic approach). Dit is 'n sosiolinguistiese benadering wat die verwantskap tussen vaktale en die gemeenskap waarin dit nodig word, bepaal (Alberts 1998b; 2019a:60). Dié benadering word ook die sosioterminologiese benadering genoem (Cluver 1987:13–30; 1989a:150, 197). In hierdie geval is stedelike en landelike taalgemeenskappe betrokke by terminologieversameling en die dokumentering daarvan. Dit is 'n benadering wat veral daarop fokus om inheemse kennisstelsels te dokumenteer en te bewaar (Alberts 2017:180–1). Dit is dus 'n tipies funksionele benadering wat die kommunikatiewe vereistes van gemeenskappe bepaal – hetsy wetenskaplik, tegnologies of sosiologies (Alberts 2019:60).
- **Taalbeplanningsgeoriënteerde terminografiese benadering** (Engels: language planning-oriented terminographic approach). Die klem val hier op amptelike ingryping om minderheidstale tot wetenskapstale te verhef (bv. Afrikaans, wat as kombuistaal beskou is en tot 'n wetenskapstale ontwikkel het, of die amptelike Afrikatale waarvan die terminologie sedert 1994 amptelik gedokumenteer word). By hierdie benadering word veral taalpraktisyns soos terminoloë, vertalers en tolke in taalkantore ingespan om terminologie uit verskillende amptelike bronne te dokumenteer, te sistematiseer en te versprei (Alberts 2017:181–2). Dit kan ook as 'n prosesgeoriënteerde benadering beskou word waar bepaalde stappe gevolg word om vaktale te skep. 'n Verband sou gevolglik tussen standaardisering en taalbeplanning bestaan (Alberts 2019a:60). Hierdie benadering is die proses wat deur die nasionale terminologiekantoor, naamlik die Terminologiekoördineringsafdeling, gevolg word om die amptelike tale se terminologie te ontwikkel.

Alhoewel verskillende teikengroepe verskillende terminologiebehoefte kan hê (Alberts 2017:110–4), kan al die registers (bv. wiskunde op skoolvlak of wiskunde op universiteitsvlak) deur vaktaalprodukte tegemoetgekom word. Terminologiewerk is deel van die proses om inligting vir verskillende gebruikers wat op verskillende ontwikkelings- of geletterdheidsvlakke bepaalde vaktaalprodukte nodig, te ontsluit. Die leek kan inligting byvoorbeeld via gemeenskapsradioprogramme ontvang; persone wat nie rekenaargeletterd is of tot rekenaars toegang het nie, is aangewese op gedrukte termlyste of vakwoordeboeke; en persone met

rekenaartoegang sal waarskynlik belang stel in terminologie-inligting wat op die internet, in termbanke en aanlyn beskikbaar is.

Die inligtingsera veroorsaak tans 'n situasie waar die samewerking tussen vaktaalgebruikers op sowel nasionale as internasionale vlakke gewens is. Op nasionale vlak behoort taalkantore met mekaar te skakel en met vak- en taalgemeenskappe, terwyl daar ook heelwat vakinterne en -eksterne kommunikasie tussen taalpraktisyne, navorsers, tegnisi en akademiëci plaasvind. Ook op internasionale vlak is daar onderlinge skakeling, aangesien baie Suid-Afrikaanse taalpraktisyne terminologie volgens ISO-standaarde bedryf en die jaarlikse internasionale ISO/TK37-vergaderings bywoon.

Die Afrikaanse terminologie kan ook internasionaal benut word. Afrikaanse terminologie word byvoorbeeld hoog deur die (Nederlandse) Taalunie aangeprys en word in België en Nederland in vertaal- en tolkkursusse benut. Verskeie tweetalige tweerigting- (Engels-Afrikaans/Afrikaans-Engels-) vakwoordeboeke in 'n verskeidenheid vakgebiede is in 2000 deur die Suid-Afrikaanse nasionale terminologieskantoor aan Lessius Universiteitskollege in België vir dié doel geskenk. Afrikaanse terminologie word selfs in Duitsland en in Amerika gebruik.

3. Hersiening en bywerking van vakwoordeboeke: oorhoofse beplanning

Die hegemonie van Engels veroorsaak dat Afrikaans en die ander amptelike Suid-Afrikaanse tale nie juis meer as onderrigtale by Suid-Afrikaanse tersiêre instansies gebruik word nie. Omdat Engels tans op die formele opleidingssterrein die lingua franca blyk te wees, is daar min sprake van terminologieskepping en -benutting in enige van die ander amptelike tale. Dit neem egter nie die belang van doeltaalekwivalente weg nie – leerders, studente, dosente, vakspesialiste en taalpraktisyne sal steeds die begripmatige inhoud van begrippe die beste kan verstaan as die definisies, verklarings en terme in die taal beskikbaar is waarin hulle inligting die maklikste kan ontsluit, verwerk en opneem – naamlik hulle onderskeie moedertale. Aangesien daar tans min ander instansies buiten die Terminologieskoördineringsafdeling is wat nuwe terminologie dokumenteer, wil dit voorkom asof daar tans 'n groter behoefte daaraan is om bestaande vakwoordeboeke te hersien en by te werk eerder as om met nuwe vaktaalprodukte te begin. Sodoende kan vaktaalgebruikers wat toegang tot hulle vakgebiede se terminologie het, immers voortaan ook die voorreg geniet om die jongste terminologie van die vakgebiede te kan benut.

Die oorhoofse beplanningsproses om bestaande vakwoordeboeke te hersien en by te werk sal vervolgens onder bepaalde hoofde bespreek word en riglyne sal dienooreenkomstig voorgestel word.

3.1 Bestaande vakwoordeboek

Die voorgestelde hersienings- en bywerkingsproses kan op enige vakgebied toegepas word en vir enige bron- en doeltaalkombinasie gebruik word. Vir die doel van hierdie artikel dien die *Veeartsenykundige woordeboek / Veterinary science dictionary* (1978), wat deur die destydse Vaktaalburo, Departement van Nasionale Opvoeding saamgestel is (Vaktaalburo 1978), as voorbeeld van sodanige hersienings- en bywerkingsproses.

Hierdie woordeboek is 'n uitstekende voorbeeld van 'n tipiese vertalende tweerigting- Engels-Afrikaans/Afrikaans-Engelse vakwoordeboek, wat kenmerkend is van die tydgleuf waarin dit saamgestel is. In die vroeë jare van terminologieontwikkeling in Suid-Afrika was die oorkoepelende doel van taalkantore wat hulself met terminologie besig gehou het, om so vinnig moontlik Afrikaanse termekwivalente vir Engelse brontaalterme te voorsien. Geen verklarings of definisies is voorsien nie, omdat dit die samestellingsproses sou vertraag. Daar is egter tydens die samestelling van die vakwoordeboeke in vakkomiteeverband saam met vakspesialiste gewerk. Tydens die samestelling van hierdie veeartsenykundige woordeboek het die terminoloë wat aan die projek gewerk het, byvoorbeeld by Onderstepoort saam met die doserende personeel en ander vakkundiges gewerk. Die vakkundiges kon die nodige Engelse brontaalterme identifiseer en die Afrikaanse doeltaalterme aan die terminoloë verskaf wat die doeltaalterme dan naas die brontaalterme gesistematiseer en gedokumenteer het. Die betrokke vakgebied/subterrein se terminologie wat in vakkomiteeverband saamgestel is, is dan uiteindelik as 'n vakwoordeboek gepubliseer en aan teikengebruikers versprei.

Die opgetekende Afrikaanse veeartsenyterme het interessante kenmerke getoon. Reeds in 1780 het die Franse reisiger Francois le Vaillant (vgl. Vaktaalburo 1978:ii) 'n siekte teëgekom wat hy *sponssiekte* genoem het, en daarmee het hy 'n begin gemaak met 'n eie Suid-Afrikaanse terminologie wat siektes so kenmerkend benoem het dat die betekenis daarvan eintlik in die term opgesluit was. Dit het 'n kenmerk in Afrikaanse veeartsenyterme geword dat opvallende eienskappe van 'n siekte op 'n beskrywende manier benoem is. Dié wyse van termskepping het ook by boere baie sterk na vore gekom, en dié beskrywende terme is selfs internasionaal aanvaar, byvoorbeeld *lamsiekte* van beeste en *jaagsiekte* van skape (Vaktaalburo 1978:ii). Verdere skeppings is *snotsiekte*, *uitpeuloog*, *knopvelsiekte*, *bloednier*, *dronkgalsiekte* en *hartwater*. Voorbeelde van hierdie beskrywende tipe terme in Afrikaans groei steeds aan.

Daar was natuurlik ook die onderliggende vrees dat Afrikaanse termskeppings wat uit die Romaanse tale getranslitereer is, sou lyk asof dit aan Engels ontleen is en gevolglik “anglisisties” sou wees. Die Latynse stam is egter telkens slegs deur vakkundiges en terminoloë gebruik om sodanige terme in Afrikaans te translitereer. Die Germaanse ekwivalente is dikwels as sinonieme naas die getranslitereerde Romaanse vorme verskaf, byvoorbeeld: *kranioskise/skedelspleet*; *makrokefalus/grootkop*; *metafise/skagnek*; *ossifikasie/verbening*; *ostektomie/beenweg-snyding*; *ovaritis/eierstokontsteking*; *psittakose/papegaaisiekte*; *sitosoom/selmond*.

B.C. Jansen, destydse hoofdirekteur: Veeartsenydiens, Veeteelt en Suiwelkunde by Onderstepoort skryf in die Voorwoord tot die *Veeartsenykundige woordeboek / Veterinary science dictionary*:

Vanaf die einde van die negentiende eeu is daar in Suid-Afrika grootskaalse navorsing op vee- en veeartsenykundige gebied gedoen, met die gevolg dat 'n uitgebreide terminologie ontwikkel het. Vanselfsprekend was daar nie moeilikheid met die sistematisering van die vereiste woordeskat in Engels nie aangesien oorsese woordeboeke gebruik is, maar allens het die behoefte aan 'n eie Afrikaanse Veeartsenykundige woordeboek sterker geword. Vir baie jare al is daar deur die beskikbare taalkundig geskoolde wetenskaplikes aan die Veeartsenykundige Navorsingsinstituut te Onderstepoort woordelyste opgestel. Daar is van tyd tot tyd terme bygevoeg, maar met die samestelling van 'n woordeboek is eers in alle erns begin toe mnr. De Jongh in 1975 die leisels in albei hande vasgevat het. En vandag het ons 'n eie Veeartsenykundige Woordeboek wat ek as 'n nasionale bate beskou. [...] Daar is nie so iets soos klaarkry met 'n woordeboek vir so 'n dinamiese vakgebied soos veeartsenykunde nie, maar in

hierdie eerste uitgawe besit ons 'n lewende, praktiese naslaanwerk wat by elkeen wat dit raadpleeg 'n groter liefde vir die gebruik van Afrikaans op tegniese gebied sal aanwakker. Benewens sy waarde vir persone wat in 'n groot verskeidenheid verwante vakgebiede bedrywig is, sal die Woordeboek veral van groot nut wees vir dosente en studente aan die Fakulteit van Veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria wat tot dusver nog net op ander tale as Afrikaans aangewese was vir gepubliseerde tegniese literatuur.

Uit bostaande blyk dit dat daar alreeds by die bekendstelling van die *Veeartsenykundige woordeboek / Veterinary science dictionary* in 1978 'n onderliggende behoefte aan die gereelde hersiening en bywerking van die bron uitgespreek is.

3.2 Medewerkers en rolspelers

3.2.1 Teikengebruikers

In afdeling 2 is verskeie gebruikersgroepe (bv. akademici, wetenskaplikes, tegnisi, taalpraktisyns en vak- en taalgemeenskappe) bespreek wat almal op een of ander wyse by vaktaal betrokke is of kan wees. Hierdie teikengebruikers sou ook as medewerkers by vaktaalprojekte betrek kon word – hetsy by die samestelling van nuwe terminologieë of by die hersiening en bywerking van bestaande vakwoordeboeke en termlyste, want elkeen is 'n vakkundige uit eie reg en behoort as sodanig betrokke te raak by die oordra van kennis en die verspreiding van inligting oor sy/haar vakgebied (Alberts 2019a:2–4). Hierdie vak- en taalkundiges kan ook help dat vaktaal nie verlore gaan nie, maar eerder behoorlik uitgebou en benut word, en selfs aan die ander amptelike tale beskikbaar gestel word – nie net vir eie taalbehoud en -ontwikkeling nie, maar veral met die oog op voorsiening in vakgerigte kommunikasiebehoeftes (Alberts en Taljard 2022:554).

Vakkundiges soos dosente, studente en (in die geval van die veeartsenykundige woordeboek) praktiserende veeartse en die boerderygemeenskap is nie net gebruikers nie, maar hulle kan ook meewerk aan terminologieprojekte deur hulle kennis te dokumenteer en oor te dra, want inligting en kennis oor 'n vakgebied raak deur sy terminologie bekend en versprei. Kennis kan volhoubaar oorgedra word slegs as daar gestandaardiseerde terminologie vir die betrokke vakgebied beskikbaar is waardeur die inligting en kennis van vakkundiges na ander kenners op die terrein, studente en selfs leke oorgedra kan word (vgl. Alberts 2017:86–9). Die terminologie wat deur hierdie kundiges versamel word, kan as termlyste of vakwoordeboeke gepubliseer word of aanlyn deur middel van verskillende platforms, bv. TCS, SADiLaR, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) se webwerf, VivA en die Sentrum vir Teks-tegnologie (CTexT), tersiële instansies, ens. beskikbaar gestel word.

3.2.2 Medewerkers

Gebruikers kan uiteraard ook medewerkers wees. In 'n verkennende gesprek op 4 November 2019 (vgl. Alberts 2019b) met praktiserende veeartse en doserende personeel verbonde aan Onderste-poort, wat ook lede van SAAWK is, het dit geblyk dat die bestaande (1978) veeartsenykundige woordeboek verouderd is. Die veeartse en dosente het tydens die informele gesprek laat blyk dat hulle beslis daarin geïnteresseerd sou wees om aan die hersieningsproses deel te neem. 'n Projekvoorstel en riglyndokument is daarna saamgestel en aan die hoof- uitvoerende beampte van die SAAWK voorgelê (Alberts 2019b, 2019c).

3.2.3 Rolspelers

Die TCS is 'n belangrike rolspeler. Die TCS se toestemming behoort verkry te word om die bestaande veeartsenykundige woordeboek te hersien en by te werk. Die oorspronklike woordeboek is immers deur hierdie kantoor se voorganger, die Vaktaalburo van die Departement van Nasionale Opvoeding, saamgestel en gepubliseer.

Engels word gewoonlik in Suid-Afrika as die brontaal beskou en die taal leen hom dan ook daartoe dat die ander amptelike tale se termekwivalente maklik bygevoeg kan word. Daar sou dus met die TCS ooreengekom kon word dat die TCS na die afhandeling van die hersieningsproses betrokke sal raak by die verskaffing van terme, definisies en tersaaklike inligting in die ander amptelike tale.

3.3 Behoeftebepaling

Dit is altyd van waarde om eers 'n behoeftebepalingsonderzoek uit te voer om behoeftes en prioriteite te bepaal voordat daar met 'n nuwe vaktaalprojek of met die hersiening van 'n bestaande vakwoordeboek begin word (vgl. Alberts 1990, 1992; 2017:201, 221–9; 2019a:148–61, 207–8).

Daar is sedert 1925, en veral vanuit staatsweë vanaf 1950, aandag gegee aan die ontwikkeling van Afrikaanse terme in 'n verskeidenheid van vakgebiede. Die hoofdoel was om Afrikaanse terminologie naas dié van Engels beskikbaar te stel. Talle vakwoordeboeke en termlyste is sedertdien gepubliseer. Die meeste van hierdie vakwoordeboeke en termlyste is egter reeds verouderd, en die meeste is reeds uit druk en onverkrygbaar (Alberts 2015). Dit sou dus van pas wees om vakwoordeboeke en termlyste na behoefte te hersien en by te werk.

Die meeste vakwoordeboeke met Afrikaans as een van die behandelde tale wat tussen 1950 en 1994 gepubliseer is, is slegs vertalend. Daar is nou 'n groter behoefte aan vertalende *en* verklarende vakwoordeboeke en termlyste, want dan kan begrippe behoorlik omskryf word sodat kennis die maklikste bekom, ontsluit, ontgin en oorgedra kan word. Brontaalterme wat van verklarings of definisies voorsien is, kan ook makliker in doeltale daarvan voorsien word, omdat die verklaarde/gedefinieerde begrippe dit makliker maak om doeltaalekwivalente te vertaal of nuut te skep.

'n Behoeftebepalingsonderzoek vorm deel van die beplanningstadium van enige vakwoordeboek – hetsy 'n nuwe projek of 'n hersiene, bygewerkte vakwoordeboek. Die behoeftebepaling dien as basis vir beplande verandering om die gaping tussen 'n heersende situasie en 'n verlangde uitkoms te bepaal. 'n Behoeftebepaling sal bepaal of daar werklik 'n behoefte aan 'n vakwoordeboek op die beoogde vakgebied bestaan, en of 'n bestaande vakwoordeboek hersien behoort te word (Alberts 1990:35; 2017:201, 221–9; 2019a:148–57, 220).

'n Behoeftebepalingsonderzoek om te bepaal of 'n nuwe vakwoordeboek saamgestel moet word en of 'n bestaande een eerder hersien en bygewerk moet word, kan gedoen word deur die volgende stappe te volg:

- Stuur vraelyste aan 'n bepaalde teikengroep (persone of instansies) wat verteenwoordigend van die bepaalde vakgebied en bron- en doeltaalgebruikers is.
- Rig persoonlike navrae en voer gesprekke met belanghebbendes (vgl. Alberts 2019b).

- Oorweeg en beoordeel die versoeke en navrae van individue (soos vakkundiges of taalpraktisyns) of instansies (soos tersiêre instansies, taalkantore of uitgewers).
- Verwerk en beoordeel die resultate van die ondersoek.

3.4 Beplanning

Die vaktaalprojek kan op grond van die resultate van 'n behoorlike behoeftebepaling verder beplan word. Die beplanningsproses behels aspekte soos:

3.4.1 Vakgebiedafbakening

- Bepaal wat die oorkoepelende terrein van die vakgebied behels sodat tersaaklike terme wel tydens die hersieningsproses in die vakwoordeboek opgeneem kan word. Vakkundiges behoort op grond van hulle spesialiskennis die leiding te neem met terreinafbakening en om die vakgebied in subdissiplines te verdeel.
- Verdeel die vakgebied (in hierdie geval veeartsenykunde) in subdissiplines/spesialisterreine en onderverdeel die subdissiplines/spesialisterreine indien nodig verder, byvoorbeeld:

Anatomie/Anatomy

Anesthesiologie/Anaesthesiology

Bakteriologie/Bacteriology

Dieresiektes / Animal diseases

Beheerde dieresiektes / Controlled animal diseases

Aanmeldbare dieresiektes / Notifiable animal diseases

Diereversorging / Animal care

Embriologie/Embryology

Entomologie (Insektekunde) / Entomology

Farmakologie/Pharmacology

Fisiologie/Physiology

Geleedpotiges/Arthropods

Geneeskunde/Medicine

Genetika/Genetics

Geselskaps- en troeteldiere / Companion animals and pets

Genesiologie (Geslagskunde) / Genesiology (Theriogenology)

Giftige plante / Poisonous plants

Helmintologie/Helminthology

Histologie/Histology

Immunologie/Immunology

Laboratoriumtegnieke / Laboratory techniques

Mikologie/Mycology

Molekulêre biologie / Molecular biology

Myte/Mites

Nematologie/Nematology

Parasietwurms (Helminthe) / Parasitic worms, Helminths

Sestodes (Lintwurms) / Tapeworms, Cestodes

Akantocefaliase en nematode (rondewurms) / Acanthocephaliasis and nematodiasis

Ongewone agente / Unconventional agents

Parasitiese siektes / Parasitic diseases

Parasitologie/Parasitology
Patologie/Pathology
Pluimveekunde / Poultry Science
Protosoölogie/Protozoology
Radiologie/Radiology
Rassenomenklatuur / Breed nomenclature
Sitologie (Selkunde) / Cytology
Sjirurgie (Snykunde) / Surgery
Soönose/Zoonosis
 Bakterieë/Bacteria
 Mikose/Mycosis
 Klamidiosis en Rickettsiosis / Chlamydioses and Rickettsiose
 Virusse/Viruses
Soönotiese water- en voedseloordraagbare siektes / Zoonotic water and food-borne diseases
Soötegnologie/Zootechnology
Toksikologie/Toxicology
 Giftige plante / Poisonous plants
Veekunde/Animal science
Virologie/Virology
Voedingsleer / Nutrition
 Voedselvergiftiging / Food poisoning (intoxications)
 Voergewasse / Forage crops (vgl. Vaktaalburo 1978; Du Preez en Du Preez 2019)

- Bepaal prioriteite ten opsigte van die vakgebied, subdissiplines, spesialisterreine en domeine wat deur die vaktaalhersieningsprojek gedek gaan word.
- Bepaal of daar enige lopende projekte op dieselfde of soortgelyke vakgebied is, wat die status daarvan is, moontlike raakpunte en oorvleueling met die ander projekte en of daar samewerkingsmoontlikhede bestaan.

3.4.2 Doel, omvang en aard van die hersieningsproses

- Bepaal die doel (hersiening en bywerking), omvang (slegs kernterme of omvangryk) van die vakgebied (dit wil sê die makrostruktuur), en die aard (dissiplines, subdissiplines, domeine) en raakpunte en oorvleueling met ander vakterreine (vgl. Alberts 2017; 2019a).
- “Omvang van die vakgebied” dui op die vakgrense van die vakwoordeboek (makrostruktuur) en bepaal in watter subvakgebiede/subdissiplines/domeine (vgl. 3.4.1) die oor-koepelende vakgebied verdeel kan word.
- Skakel met belanghebbendes (medewerkers en rolspelers) om die doel, omvang en aard van die projek te verduidelik en samewerking te bewerkstellig.
- Bepaal wie die teikengebruikers (akademici, vakkundiges, studente, skoliere, taalpraktisyns, joernaliste) is om die soort, omvang, register en inligtingsvelde van die inligting wat in die vakwoordeboek aangebied gaan word (dit wil sê die mikrostruktuur – kyk 4.1.2), te bepaal.
- Bepaal die tipologie van die beplande vaktaalprojek (bv. eentalige, tweetalige, meertalige vakwoordeboek en of dit vertalend en/of verklarend gaan wees) sodat dit die behoeftes van die teikengebruikers ten beste kan dien.

3.4.3 Register

- Wanneer daar bepaal word wie die teikengebruikers gaan wees, moet daar uiteraard ook bepaal word wat die korrekte register sal wees om te gebruik (akademiese taal, omgangstaal of 'n kombinasie daarvan – wat tot baie sinonieme aanleiding sal gee). Die gebruik van Romaanse naas Germaanse terme kom ook hier ter sprake.
- In die geval van die veeartsenynprojek behoort die register aangepas te word vir studente, dosente, vakkundiges, praktiserende veeartse, die boerderygemeenskap en selfs leke. Dit sou wel merendeels uit akademiese taal bestaan, maar daar moet onthou word dat die eienaars van die diere of troeteldiere (die veeartse se pasiënte) merendeels leke is. Daar moet dus ook voorsiening gemaak word vir nie-akademiese taal.

3.4.4 Bron- en doeltale

- Bepaal wat die bron- en doeltaal/-tale gaan wees. Engels word gewoonlik in Suid-Afrika as die brontaal beskou en die taal leen hom dan ook daartoe dat die ander amptelike tale maklik bygevoeg kan word. Aangesien die veeartsenynprojek 'n hersieningsprojek is, sal Afrikaans uiteraard een van die doeltale wees. Sodra die hersienings- en bywerkingsproses afgehandel is, sou die ander amptelike tale met vrug bygevoeg kon word. Daar moet tydens hierdie beplanningstap reeds bepaal word watter ander tale as doeltale bygevoeg sou kon word en of die brontaalterme ook as gebare in videogreepformaat in Suid-Afrikaanse Gebaretaal bygevoeg moet word.
- Sodra die aanvanklike projek afgehandel is, sou die hersieningskomitee die TCS kon nader met die oog op die byvoeging van terminologiese data in die ander amptelike tale.
- Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) se Nasionale Taalliggame sou ook gevra kon word om die doeltaalterme taalkundig te beoordeel deur te kyk na aspekte soos woordvormingstendense en spel- en skryfwyse (Alberts 2017:261–3; 2019a:115, 215–7).
- Die 11 Nasionale Leksikografiese Eenhede van PanSAT sou ook by termskepping betrokke kon raak (Alberts 2017:263; 2019a:115).
- PanSAT is tans (2024) besig met die stigting van 'n Nasionale Leksikografiese Eenheid vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal (Layton en Alberts 2024) en die veeartsenykundige begrippe se gebare sou dus nie net deur die TCS met behulp van videogrepe gedokumenteer kon word nie, maar die nuwe Nasionale Leksikografiese Eenheid vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal en die bestaande Nasionale Taalliggame vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal sou uiteraard ook by die proses betrokke raak.

3.4.5 Vakkomitee

- Daar moet vir elke vakgebied wat hersien word, 'n vakkomitee tot stand gebring word wat as taakspan dien om die terme van die bepaalde terrein (bv. veeartseny) by te werk, te hersien, te ekserpeer, te dokumenteer, te sistematiseer en te verklaar (Alberts 2019a:110–5, 206–16).
- Die terreinindeling behoort die hele spektrum van die vakgebied te omvat en dit sou van waarde wees indien die Fakulteit van Veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria en die Veeartsenykundige Navorsingsinstituut te Onderstepoort byvoorbeeld vanuit hulle geledere verskillende subkomitees kon stig om die verskillende kundigheidsterreine te dek. Soortgelyke vakkomitees sou by ander tersiêre instansies wat tersaaklike en verband-

houdende vakke aanbied, tot stand kon kom. Die verskillende instansies sou virtueel kon skakel om terminologie te bespreek. Daar is byvoorbeeld steeds 'n onderskeid te bespeur in die gebruik van terme by suidelike teenoor noordelike tersiêre instansies en dit is van belang om konsensus oor terminologie en tersaaklike inligting te bereik. Dit is belangrik om begrippe eenduidig te benoem, want 'n vermenigvuldiging van terme vir een begrip in 'n bepaalde vakgebied en/of taal/tale veroorsaak kommunikasieprobleme. Dit is gevolglik belangrik om bron- en doeltaalterme wat die begrippe benoem te standaardiseer. Standaardisering is 'n proses wat plaasvind wanneer die bepaalde bron- en doeltaalterme vir die begrippe deur herhaalde gebruik die vak en taal/tale binnedring.

- Skakel met belanghebbendes en stel 'n oorkoepelende vakkomitee saam wat verteenwoordigend is van die spesialisterreine/subdissiplines wat in die hersieningsproses aan bod gaan kom. Die vakkomitee moet nie net verteenwoordigend wees van die subdissiplines wat gedek gaan word nie, maar die verskillende belangegroepe (akademici, praktiserende veeartse, boere, troeteldiereienaars, leke) en vlakke van onderrig behoort ook verteenwoordig te word. As die vakgebied op universiteite en skole aangebied word, is dit van belang dat hierdie belangegroepe ook betrek word (hulle is immers ook as teikengroepe die eindgebruikers van die vaktaalprodukt). Dit sal verseker dat die vakwoordeboek deur die hele gebruikersgemeenskap aanvaar word. Dit sou ook die verkope van die vakwoordeboek positief stimuleer – veral as die vakwoordeboek dalk ook voorgeskryf kan word en indien die inhoud daarvan sodanig saamgestel word dat dit 'n onontbeerlike instrument word in die leerproses van studente. Aanlyn gebruik sal ook bevorder word indien die teikengroep vroegtydig betrek word.
- Identifiseer ander medewerkers en rolspelers. In die geval van die hersiening van die veeartsenywoordeboek kan die veeartse wat aangedui het dat hulle bereid is om saam te werk, deel word van die vakkomitee (vgl. Alberts 2019b). Daar moet ook bepaal word wie watter spesialisterreine gaan dek (daarvoor verantwoordelik gaan wees of bloot gaan saamwerk deur byvoorbeeld kommentaar te lewer).
- Kies 'n voorsitter uit die geledere van die sentrale vakkomitee. Die voorsitter moet in alle opsigte 'n leier wees – sowel 'n vakkenner as 'n mensekenner (en veral 'n diplomaat), want redaksionele vergaderings kan heftige redenasies ontlok. 'n Mens moet in gedagte hou dat al die lede wat in die vakkomitee dien, gekies is vanweë hulle besondere vakkennis. Die individuele lede is dus ook leiers en daarom moet die voorsitter met die uiterste sorg gekies word. Die voorsitter moet ook iemand met sterk dryfkrag wees wat ander kan inspireer om deurlopend hulle bes te doen.
- Elke vakkomitee wat tot stand kom, behoort deur 'n opgeleide terminoloog bygestaan te word wat ook as sekretaris optree. Daar is ongelukkig tans min opgeleide terminoloë beskikbaar, maar vakkundiges en taalpraktisyns kan die basiese beginsels van terminologie (teorie) en terminologiewerk/terminografie (praktyk) baasraak deur die gebruik van die handleiding *Terminologie en terminografie* deur Alberts (2019a).
- Stel iemand as notulehouer aan – verkieslik 'n persoon wat ook as projekkoördineerder kan optree. Dit moet 'n persoon wees wat rekenaarvaardig is, logies kan dink, baie sistematies kan werk en verantwoordelik optree, want dié persoon gaan die hardste van almal werk! As daar 'n opgeleide terminoloog/terminograaf beskikbaar is met die nodige terminologiese en terminografiese agtergrond om besluite te dokumenteer en die databasis te hanteer, kan dié persoon vir die vakkomitee as notulehouer/projekkoördineerder optree. Basiese terminografiese prosesse moet gevolg word (vgl. Alberts 2019a:219–28).
- Bepaal wie aan watter subdissipline gaan werk. Vorm subkomitees indien nodig.

3.4.6 Tydraamwerk

- Die hersiening en bywerking van 'n bestaande vakwoordeboek of termlys sal uiteraard 'n korter tyd in beslag neem om saam te stel as om met 'n vaktaalprodukt van vooraf te begin.
- Werk in oorleg met die beskikbare persone (die vakkomitee en moontlike ander medewerkers) 'n realistiese tydskedule uit vir die hersieningsproses sodat alle aktiwiteite wat vir die hersiening- en bywerkingsproses beplan is, wel binne die tydsraamwerk uitvoer kan word.
- Bepaal die frekwensie van vergaderings (fisiese en aanlyn byeenkomste).

3.4.7 Bronne

- Identifiseer en bekom tersaaklike literatuur waaruit terme onttrek kan word. Dit sou onlangse en toepaslike dokumentasie en naslaanwerke oor die verskillende subterreine insluit, byvoorbeeld handboeke, artikels in vaktydskrifte, opleidingsmateriaal, eksamen-vraestelle, verhandelings en proefskrifte.
- Bepaal die werkswyse wat gevolg gaan word om die beskikbare menslike hulpbronne ten beste te benut. Bepaal wie wat gaan doen om die terminologiese data uit die geïdentifiseerde bronne te ontsluit.
- Vergelyk die bestaande vakwoordeboekdata met die nuwe literatuur en hersien/wysig waar nodig deur terme en ander terminologiese inligting by te voeg, te wysig of te skrap.
- Hou 'n volledige bibliografie by van alle bronne wat geraadpleeg is. Hierdie bronne moet deel uitmaak van die agterstukke van die vakwoordeboekpublikasie (indien die vakwoordeboek gedruk gaan word, want elektroniese vakwoordeboeke sluit gewoonlik nie agterstukke in nie).

3.4.8 Datakategorieë

- Bepaal wat die verskillende inligtingsvelde is wat aan bod gaan kom: brontaal, doeltaal/-tale, woordsoort (nomen, verbum, adjektief, weergegee met die afkortings n., v. en adj.), verklaring/definisie, verbandswoord, voorbeeldsin, navorsingsnota, grafika, simbool, afkorting, bibliografiese besonderhede (Alberts 2019a:143, 176–206).
- Stel dan die woordeboek se stylgids op (vgl. 4.1.2.2), dit wil sê neem beleidsbesluite oor die inligtingsvelde en hoe die data in die inligtingsvelde aangebied moet word (bv. lemmatisering, punktuasie, diakritiese tekens, afkortings, akronieme, afkortings van fisiese eenhede, spasiëring, hoof- en kleinlettergebruik, SI-eenhede [metrieke terme en eenhede] [SABS-voorskrifte], deelteken- en koppeltekengebruik, solidusgebruik, ISO-voorskrifte by die skryf van getalle/faktore, samestellings, transliterasies, ontlenings, Romeinse/Klassieke en Germaanse vorme, sinonieme, homonieme, poliseme, kollokasies, handelsname, uitsonderings). Onthou byvoorbeeld dat kollokasies en vaste uitdrukkings dikwels in sekere vakgebiede baie prominent voorkom en bepaalde besluite in dié verband dus noodsaaklik is. Neem besluite oor die gebruik van geslagsaanduiding in verklarings/definisies: “hy/sy” of slegs die manlike vorm, wat dan ook die vroulike vorm moet insluit, of bloot geslags-neutrale hantering hiervan (dit moet verkieslik in die voorstukke van 'n gedrukte weergawe van die vakwoordeboek verduidelik word). As afkortings gebruik word, moet dit gestandaardiseerde afkortings wees wat in die vakgebied gebruik word. Afkortings wat in die vakgebied voorkom, moet in hulle eie inligtingsveld opgeteken word. Verkieslik moet alle algemene afkortings (bv., *m.a.w.*, *nl.* ens.) wat in die woordeboek gebruik word, in die

voorstukke (van 'n gedrukte weergawe van die vakwoordeboek) as 'n lys aangebied word. Die konvensies en spesifieke verskynsels binne vakgebiede het ook 'n bepalende invloed op die stylgids. 'n Vakwoordeboek se stylgids kan aangepas word namate die projek vorder. Die notulehouer moet alle stylgidsbesluite getrou notuleer, 'n besluiteregister byhou, gereeld daarna terugverwys en noulettend toesien dat sulke besluite konsekwent deur die hele ontwikkeling van die woordeboekprojek toegepas word. Die stylgids dien by die publikasie van die vakwoordeboek (van 'n gedrukte weergawe van die vakwoordeboek) as riglyn vir teikengebruikers.

3.4.9 Databasis

- Kies 'n rekenaardatabasisprogram waarin die inligting gedokumenteer kan word en wat die gekose inligtingsvelde kan hanteer.
- Bekom die programmatuur/sagteware ('n databasisprogram) om data in te sleutel (bv. t!Term van TshwaneDJe HLT of Autshumato TMS (Terminology Management System) {oopbron} [CTexT, NWU]) (vgl. Alberts 2017:178, 362–8).
- Bekom 'n lisensie indien nodig.
- Die lisensievoorwaardes moet behoorlik bestudeer word.
- Daar moet bepaal word wat die koste verbonde aan programmatuur/lisensie is en of ondersteuningsdienste deurlopend beskikbaar is. Daar moet ook bepaal word of daar koste verbonde is aan ondersteuningsdienste.

3.4.10 Finansies en befondsing

Besluite moet geneem word oor die finansiële implikasies wat die hersiening en bywerking van die vakwoordeboek mag inhou. Die omvang van die projek en die tydskedule sal uiteraard 'n finansiële invloed hê. Die koste verbonde aan programmatuur en moontlike ondersteuningsdienste moet in berekening gebring word.

Skenkings kan gebruik word om vaktaalprojekte te finansier en medewerkers te vergoed. Projekleiers, vakkomiteede en die terminoloog wat met die fisiese dokumentering van die terminologiese data gemoeid is, behoort vir hulle werk vergoed te word. Slegs wanneer daar van vergoeding sprake is, kan vordering verseker word.

Onderhandelinge met die medewerkers oor samewerking aan die projek – vrywillig sonder of teen vergoeding – is noodsaaklik. Dit sal bepaal hoeveel fondse vir die projek benodig sal word. Die terminoloog/terminograaf wat die databasis hanteer, sal waarskynlik vergoed moet word.

Befondsing kan van die eindgebruikers/teikengroep van die bepaalde vakterrein bekom word, byvoorbeeld:

- Die Fakulteit van Veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria.
- Die Veeartsenykundige Navorsingsinstituut te Onderstepoort.
- Terminologiekoördineringsafdeling (TCS), Nasionale Taaldiens, Departement van Sport, Kuns en Kultuur, waar hulp met befondsing, samewerking, koördinerings, publiserings, verspreiding van meertalige vaktaalprojekte beskikbaar is.

- Tersiêre instansies – vaktaalontwikkeling help met kennisverspreiding en -verwerwing en kan tot voordeel wees van doserende personeel en studente; vergelyk byvoorbeeld die Taal-sentrum by die Universiteit Stellenbosch en die Online Educational Resource Term Bank (OERTB; www.oertb.com) wat ten doel het om vaktaalontwikkeling tussen universiteite te koördineer en om die amptelike tale te ontwikkel as tale van akademiese diskoers – spesifiek om studente deur middel van hulle moedertale toegang te gee tot kernbegrippe in akademiese dissiplines (Alberts s.j.).
- SADiLaR (<https://sadilar.org>) is 'n nasionale sentrum wat deur die staat befonds word en wat fokus op die navorsing in en ontwikkeling van die amptelike tale van Suid-Afrika in domeine soos taaltegnologie en taalverwante studies. SADiLaR werk volgens 'n naaf-en-speek-model met die naaf wat by die Noordwes-Universiteit (NWU) gehuisves word, alhoewel dit 'n aparte entiteit van die universiteit is. Dié nasionale sentrum, in samewerking met verskillende nodusse (d.w.s. deelnemende instansies), onderneem taalprojekte soos korpusontwikkeling, taaltegnologie, en digitisering (Calteaux 2022; Goosen 2024; Alberts s.j.). SADiLaR verskaf befondsing vir ad hoc-projekte (soos die COVID-19- meertalige termlys deur Tshwane Munisipaliteit se taaldienste) sonder dat die deelnemende instansie 'n nodus hoef te wees (vgl. Alberts s.j.).
- Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA; <https://viva-afrikaans.org>).
- Onderwys (Onderwysdepartemente se skoolprojekte) – terme op laer registers gee toegang tot vakkennis.
- Staatsdepartemente – vaktaalprojekte wat op hul onderskeie werksterreine van toepassing is.
- Privaat instansies – gebruikers van gestandaardiseerde terminologie.

3.4.11 Opleiding

Daar is ongelukkig nie tans genoeg opgeleide terminoloë in Suid-Afrika beskikbaar om vakkomitees behulpsaam te wees nie. Die Departement Afrikatale, Universiteit van Pretoria is tans die enigste tersiêre instansie wat 'n nagraadse terminologieopleidingsmodule aanbied. By ander tersiêre instansies vorm terminologieopleiding slegs 'n onderdeel van leksikografie-, linguistiek- en vertaal- en tolkkursusse. In die nasionale terminologiebeleid (Layton en Alberts 2024) word voorgestel dat daar doelgemaakte terminologieopleidingsmodules en finansiële steun vir terminologieopleiding aan tersiêre instansies beskikbaar gestel word, en daar kan net vertrou word dat hierdie terminologiebeleid die nodige politieke wil tot gevolg sal hê wat dié planne ten uitvoer sal bring.

Die handleiding *Terminologie en terminografie* (Alberts 2019a) is spesifiek saamgestel en gepubliseer om vak- en taalkundiges behulpsaam te wees met die samestelling, hersiening en bywerking van vaktaalprojekte. Dit sou van waarde wees as een van die komiteede van 'n vakkomitee opgelei sou kon word om die terminologiese data te dokumenteer, met ander woorde terminologiewerk te doen soos in die handleiding uiteengesit word.

3.4.12 Uitgewer

Indien daar besluit sou word om die hersiene en bygewerkte vaktaalprodukt as 'n gedrukte vakwoordeboek te publiseer, moet daar vroegtydig met 'n uitgewery onderhandel word. Uitgewers is dikwels nie bereid om 'n vakwoordeboek van groot omvang, wat dalk nie 'n wye gebruikersmark het of gaan hê nie, te publiseer nie. 'n Universiteit se uitgewery sal waarskynlik die aangewese uitgewery wees om 'n vakwoordeboek (bv. die hersiene en bygewerkte veeartsenywoordeboek) wat vir studente bedoel word, te publiseer. Satellietlyste (bv. vir anatomie, bakteriologie, fisiologie, immunologie, sitologie, toksikologie) vir bepaalde teikengebruikers sou ook uit 'n omvattende databasis onttrek kon word. Sodanige terme word met bepaalde vakgebiedkodes gemerk en kan dan maklik uit die databasis onttrek word.

Die terminologie kan uiteraard aanlyn versprei word. Terminologie behoort oopbrontoegang te hê sodat dit so wyd moontlik toeganklik kan wees. Dit is sinloos om outeursreg aan terme en verklarings/definisies te heg – terminologie moet oral en vir almal beskikbaar wees. Dit is egter 'n beginsel wat die publiserings van vakwoordeboeke deur uitgewers onwenslik maak – hulle publiseer immers om finansiële voordeel uit hul publikasies te trek.

4. Die hersiening en bywerking van vakwoordeboeke: die terminografieproses

Die hersiening- en bywerkingsproses behoort minder tydrowend te wees as om 'n nuwe vakwoordeboek saam te stel. 'n Bestaande vakwoordeboek is van onskatbare waarde, omdat dit die basis vorm vir die nuwe hersiene en bygewerkte produk. Die bestaande vakwoordeboek moet aanvanklik behoorlik deurgewerk word om te bepaal wat bruikbaar/verouderd/foutief is en waar sigbare leemtes bestaan.

4.1 Uitleg van die hersiene vakwoordeboek (datakategorieë)

Daar moet aanvanklik besluit word of die hersiene en bygewerkte eindprodukt as 'n gedrukte vakwoordeboek en/of as 'n aanlyn produk beskikbaar gestel gaan word. Hierdie besluit sal onder andere deur die behoeftebepalingsondersoek beïnvloed word. Vakwoordeboekdata wat volgens 'n stylgids in 'n databasisformaat beskikbaar is (vgl. 3.4.8; 4.1.2.2), kan ewe maklik in hardekopieformaat of aanlyn beskikbaar gestel word. Die databasisformaat moet net voorsiening maak vir albei verspreidingsprosesse.

Wanneer programmatuur/sagteware ('n databasisprogram) bekom word om data in te sleutel (bv. t!Term [TshwaneDJe HLT] of Autshumato TMS {oopbron} [CTexT, NWU]) (vgl. 3.4.9), moet die verskaffer van die databasisprogrammatuur versoek word om die nodige inligtingsvelde van die stylgids op die sagtewarepakket aan te bring. Daar moet bepaal word of die verskaffer net aanvanklike of voortdurende ondersteuning en bystand ten opsigte van moontlike databasiswysiging sal verleen.

Die vakkomitee moet met 'n moontlike uitgewer en/of met 'n aanlyn platform onderhandel wat vir die publikasie/verspreiding van die data verantwoordelik sal wees.

4.1.1 Digitisering

Indien 'n vakwoordeboek wat hersien en bygewerk gaan word, gepubliseer is en in gedrukte formaat beskikbaar is, moet die vakwoordeboek verkieslik rekenaarmatig ingelees word – die proses word digitisering genoem. Die data moet verkieslik in databasisformaat in verskillende datakategorieë gestoor word. Dit is van belang om te besluit oor die mikrostruktuur (inligtingsvelde) (vgl. 4.1.2) van die hersiene en bygewerkte weergawe van die vaktaalprodukt en daarvoor moet 'n stylgids (vgl. 4.1.2.2) ontwikkel word.

Die *Veeartsenykundige woordeboek / Veterinary science dictionary* (1978) is, soos reeds genoem, deur die destydse Vaktaalburo saamgestel en deur die Staatsdrukker gepubliseer, en aangesien die TCS tans die nasionale terminologieskantoor is, moet daar met hierdie kantoor onderhandel word om te verneem of dit moontlik is om die data in gedigitiseerde formaat te ontvang. Indien dit nie moontlik is nie, moet die bestaande woordeboek gedigitiseer word. Die woordeboekdata moet dan met die beplande stylgids versoen word. Die verskaffer van die sagtewarepakket behoort hiermee behulpsaam te wees deur die data rekenaarmatig in te lees en in die gekose databasisformaat beskikbaar te stel.

Daar is ook 'n moontlikheid dat SADiLaR die verlangde data reeds gedigitiseer het. Dan moet die data aldaar bekom word en in byvoorbeeld t1Term- of Autshumato TMS-formaat beskikbaar gestel word.

Die TCS maak van die Autshumato TMS-datavasleggingsprogram gebruik wat deur CText van Noordwes-Universiteit (NWU) ontwikkel is en ook deur VivA gebruik word. Autshumato TMS is 'n oopbronprodukt en daardeur sou die uiteindelijke hersiene en bygewerkte projek aanlyn aan velerlei gebruikers beskikbaar gestel kon word. Die hersiene en bygewerkte vakwoordeboekdata sou ook ná voltooiing na VivA en SADiLaR oorgeplaas kon word sodat die data aanlyn aan 'n wyer gebruikersgroep beskikbaar kan wees.

Sodra die bestaande vakwoordeboekdata in gedigitiseerde formaat beskikbaar is en in databasisformaat omgeskakel is, kan die projek begin.

4.1.2 Mikrostruktuur

Bepaal wat die mikrostruktuur (tipografie en datakategorieë) van die woordeboek gaan wees.

4.1.2.1 Tipografie

Kyk na tipografiese aspekte soos in Figuur 1 geïllustreer:

- Punktuasie
- Uitleg
- Hooflettergebruik
- Sinoniemgebruik, bv. Germaanse teenoor Romaanse vorme
- Homonieme (terme wat dieselfde gespel word, maar met verskillende betekenisse) se uitleg – gaan hulle genommer of bloot onder mekaar herhaal word
- Kyk na hakiegebruik (skerp-, driehoek-, vierkant- en/of ronde hakies), ens.
- Bepaal waar afkortings opgeneem word (aan begin van letters of op hulle alfabetiese plekke) met bv. kruisverwysings na volvorme
- Bepaal watter dele in **vetdruk**, gewone druk of *kursief* gedruk moet word.

brucellosis (CA, contagious abortion): brusellose, besmetlike misgeboorte, BM

....

Burchell's zebra (*Equus Burchelli*) (zebra) n.: sebra, bontkwagga

....

organization: 1. organisering, organisasie (*alg.*); 2. verveseling (*pat.*)

Figuur 1. Voorbeelde van tipografiese aanwending in die *Veeartsenykundige woordeboek / Veterinary science dictionary* (1978)

4.1.2.2 Stylgids

Stel 'n stylgids op (vgl. Alberts 2017:242; 432–3). Bepaal met ander woorde watter inligtingsvelde/ datakategorieë benodig word. Die bestaande veeartsenykundige woordeboek se stylgids is dieselfde vir die bron- en die doeltaal en sien soos volg daaruit (vgl. Figuur 2):

Stylgids / Style guide: Veeartseny / Veterinary science

Brontaal (bv. Engels) / Source language (e.g. English)

subdissipline (bv. anatomie) / subdiscipline (e.g. anatomy)

voorkeurterm / preferred term

woordsoort / part of speech

wetenskaplike naam (Latyn) / scientific name (Latin)

sinoniem/synonym

afkorting/abbreviation

kruisverwysing/cross-referencing

definisie/definition

verbandswoord / contextual word

voorbeeldsin / example sentence

bron/source

status (bv. onvoltooid; afgehandel) / state (e.g. incomplete; completed)

Figuur 2. Stylgids van die brontaal van die gepubliseerde *Veeartsenykundige woordeboek / Veterinary science dictionary* (1978)

Die voorgestelde stylgids vir die brontaal van die hersiening en bywerking van die veeartsenywoordeboek (vgl. Figuur 3):

Stylgids / Style guide: Veeartseny / Veterinary science

Brontaal (bv. Engels) / Source language (e.g. English)

subdissipline (bv. anatomie) / subdiscipline (e.g. anatomy)

voorkeurterm / preferred term

woordsoort / part of speech

wetenskaplike naam (Latyn) / scientific name (Latin)

sinoniem/synonym

afkorting/abbreviation

kruisverwysing/cross-referencing

definisie/definition

verbandswoord / contextual word

voorbeeldsin / example sentence

bron/source

status (bv. onvoltooid; afgehandel) / state (e.g. incomplete; completed)

Figuur 3. Voorgestelde brontaalstylgids vir die hersiening en bywerking van die veeartsenywoordeboek

Die eerste doeltaal se stylgids sal dan soos volg daar uitsien (vgl. Figuur 4):

Doeltaal-1 (bv. Afrikaans) / Target language-1 (e.g. Afrikaans)
subdissipline (bv. anatomie) / subdiscipline (e.g. anatomy)
voorkeurtermekwivalent / preferred term equivalent
woordsoort / part of speech
wetenskaplike naam (Latyn) / scientific name (Latin)
sinoniem/synonym
afkorting/abbreviation
kruisverwysing/cross-referencing
definisie/definition
verbandswoord / contextual word
voorbeeldsin / example sentence
bron/source
status (bv. onvoltooid; afgehandel) / state (e.g. incomplete; completed)

Figuur 4. Voorgestelde doeltaalstylgids (Doeltaal-1, bv. Afrikaans) vir die hersiening en bywerking van die veeartsenywoordeboek

Die tweede doeltaal se stylgids sal dan soos volg daar uitsien (vgl. Figuur 5):

Doeltaal-2 (bv. Xhosa)/Target language-2 (e.g. Xhosa)
subdissipline (bv. anatomie) / subdiscipline (e.g. anatomy)
voorkeurtermekwivalent / preferred term equivalent
woordsoort/part of speech
wetenskaplike naam (Latyn) / scientific name (Latin)
sinoniem/synonym
afkorting/abbreviation
kruisverwysing/cross-referencing
definisie/definition
verbandswoord / contextual word
voorbeeldsin / example sentence
bron/source
status (bv. onvoltooid; afgehandel) / state (e.g. incomplete; completed)

Figuur 5. Voorgestelde doeltaalstylgids (Doeltaal-2; bv. Xhosa) vir die hersiening en bywerking van die veeartsenywoordeboek

4.2 Ekserpering (brontaal)

Die volgende proses is die versameling van terme – dit word ekserpering genoem (vgl. Alberts 2017:235–41, 337–8; 2019a:161–78, 222–3). Ekserpering is die proses waardeur terme wat in 'n bepaalde vakgebied gebruik word, uit brondokumente onttrek word – die proses kan met die hand of elektronies gedoen word (Alberts 1983; 2019a:164–223; Alberts en Taljard 2022:550–3). Hierdie terme word beskou as kernterme waarsonder die inhoud van die bepaalde vakgebied nie ontsluit sal kan word nie. Die terme behoort uit onlangse, gepaste vakliteratuur soos handboeke, vaktydskrifte, proefskrifte, verhandelings, navorsingsmateriaal, lesings, eksamenvraestelle, katalogusse en dergelike geëkserpeer te word. Die bronne moet geëvalueer word vir volledigheid, mees onlangse publikasie, gesaghebbendheid en terminologiese juistheid.

In Suid-Afrika is die brontaal gewoonlik Engels, maar dit kan enige taal wees. Dit is egter net soveel makliker om Engels as brontaal te gebruik, omdat terme meestal reeds in Engelse bronne beskikbaar is.

Die terme moet verkieslik eers slegs in die brontaal (bv. Engels) geëkserpeer word, maar enige bykomende inligting, soos termekwivalente in doeltaal/doeltale, definisies en ander tersaaklike inligting wat in hierdie stadium beskikbaar is, kan reeds tot die databasis toegevoeg word om te verhoed dat hierdie data verlore gaan. Sommige brontaalterme het byvoorbeeld bekende ekwivalente in die doeltaal en soms bestaan daar wel ekwivalente, maar hulle is onbekend aan die samestellers. Vir ander brontaalterme is daar geen ekwivalente nie en dan moet die terme geskep word – die termskeppingsproses volg eers nadat die brontaal volledig hersien en bygewerk is.

Die brontaal moet gefinaliseer wees voordat die doeltaal/doeltale se termekwivalente en tersaaklike inligting bygevoeg word, want dit veroorsaak dikwels verwarring en onnodige hersiening van die brontaal (en selfs doeltale) as daar tegelykertyd aan bron- en doeltale gewerk word.

Die vakkomitee moet die bestaande vakwoordeboek se data beoordeel en waar nodig wysig of skrap wat nie meer van toepassing is nie. Hulle moet vervolgens versoek word om die prioriteitsgebiede per subgebied te bepaal sodat terme in die brontaal geëkserpeer, gedefinieer en van ekstra inligting (vgl. stylgids) voorsien kan word.

Vakkundiges moet geïdentifiseer word om aan die bepaalde subvakgebiede aandag te gee. Spesialisterreine wat nie deur die betrokke doserende personeel/veertse gedek kan word nie, moet geïdentifiseer word en kundiges op die bepaalde terreine moet genader word met die oog op moontlike samewerking.

Die vakkundiges (doserende personeel/veertse) kan die terme van hulle eie spesialisgebied in subkomiteeverband begin ekserpeer. Die vakkundiges/terminoloë ekserpeer die terme en tersaaklike inligting uit die mees onlangs gepubliseerde bronne wat handel oor die vakgebiede wat deur die hersiene vakwoordeboek gedek gaan word, deur hulle byvoorbeeld in die teks te onderstreep. Die persoon wat ekserpeer, kan die terme direk in die databasis insleutel of kan 'n terminoloog of datatiker versoek om die terme wat onderstreep is, in te voer. Dit is egter makliker as die ekserpeerder dadelik die terme invoer, sodat die brontaalinligting (bv. woordsoort, navorsingsnota, verklaring of verbandswoord, voorbeeldsin, bibliografiese besonderhede) ook direk ingesleutel kan word. Hierdie proses kan ook rekenaarmatig gedoen word (vgl. Alberts 2017:329–99; Alberts en Taljard 2022:550–3 waarin die outomatiese/rekenaarmatige ekserperingsproses uitvoerig bespreek word).

Hoewel dit een van die take van die terminoloog is, is vakkundiges die aangewese persone om terme te versamel vanweë hulle beheersing van die betrokke vakgebied en die beskikbaarheid van gespesialiseerde bronmateriaal.

Die subkomitees kan die terminologie van die subvakgebiede met die hoogste prioriteite gelyktydig dokumenteer. Die bronne kan verdeel word om die data vinniger te versamel.

Die onderskeie subkomitees kom gereeld bymekaar en hou die sentrale vakkomitee op die hoogte van vordering. Daar word dus gelyktydig aan 'n aantal prioriteitsgebiede gewerk, sodat elke lid van die vakkomitee dan aandag kan gee aan die bepaalde gebied waarop hy/sy die deskundige is.

Die geëksperpeerde data moet verkieslik in ooreenstemming met die voorgestelde stylgids (vgl. 4.1.2.2) aan die datatikusster/terminoloog/terminograaf oorhandig word, of dit kan deur die vak-kundige self tot die databasis toegevoeg word, of dit kan outomaties/rekenaarmatig oorgedra word sodat die data intyds beskikbaar kan wees.

Die persoon wat aangestel is om die data na die databasis oor te dra, moet dit egter so gou moontlik begin doen. As die data reeds in 'n stylgidsformaat is wat met die gekose databasis-program versoenbaar is, kan dit rekenaarmatig oorgedra word. Dit sal verhoed dat daar onnodige spel- of tikfoute gemaak word.

Die vakkundige/terminoloog moet nou sorg dat die ekstra inligting wat volgens die stylgids as termtoeligting dien, ook bygevoeg word.

4.3 Verklaring van brontaalterme

4.3.1 Kern- en generiese terme

Die vakkomitee moet vervolgens bepaal of die vakgebied (bv. veeartseny) oor bepaalde basiese of kernbegrippe en -terme beskik waarsonder inligtingoordrag in die vakgebied nie moontlik is nie en wat eers gedefinieer moet word.

Daar moet ook bepaal word of daar generiese begrippe en terme bestaan. Dit is begrippe en terme wat oorkoepelend in verskeie subdissiplines bestaan wat eers gedefinieer moet word sodat 'n grondslag gelê kan word waarop ander terme en samestellings in die vakgebied gebou moet word.

Die kern- en generiese brontaalterme moet eers van verklarings/definisies voorsien word (vgl. 4.3.2) voordat daar aan subdissiplines aandag gegee kan word. 'n Vakkomiteevergadering moet dan gehou word waarby verteenwoordigers van al die subdissiplines teenwoordig is om konsensus te kry en hierdie kern- en generiese terme en hulle verklarings/definisies goed te keur. Die kern- en generiese terme moet vervolgens in die doeltaal/doeltale verklaar en vertaal word.

Die kern- en generiese brontaalterme wat reeds van verklarings en vertaalekwivalente in die doeltaal/-tale voorsien is, dien nou as basis vir termskepping in die randgebiede/subvak-gebiede/domeine. Hierdie generiese terme sal ook as basis dien waarvolgens samestellings gevorm sal word.

4.3.2 Definiëring

Die vakkomitee moet besluit oor watter soorte definiëeringsmetodes aangewend gaan word (vgl. Alberts 2017:73–9; 2019a:66–74; Alberts en Taljard 2022:546–7).

Die medewerkers kan alle moontlike definisies wat oor 'n bepaalde begrip/term opgespoor kan word, uit verskillende bronne ekserpeer en dan uit die verskillende definisies 'n tersaaklike definisie vir die begrip en gepaardgaande term saamstel. Die brontaalterme kan ook verklaar word met behulp van onlangse en toepaslike vakwoordeboeke (ook in ander tale as die brontaal) wat reeds op die terrein bestaan. Definisies moet nie klakkeloos uit bronne oorgeskryf word nie, want dit kan outeursregprobleme veroorsaak. Indien definisies uit ander bronne oorgeneem word, moet die tersaaklike inligting uit die verskillende definisies onttrek word en die definisie hersaamgestel word om te verseker dat daar nie outeursreg op die nuut saamgestelde definisie kan wees nie (Jooste 1997; Alberts en Jooste 1998; Alberts 2017:401–23).

Indien definisies nie in bestaande bronne beskikbaar is nie, moet die vakkundiges dit self saamstel met inagneming van sekere basiese terminografiese beginsels (waarmee die terminoloë kan help).

Die verklarings/definisies moet in eenvoudige taal geformuleer word en die begrip/objek moet behoorlik beskryf word. Die term mag nie self in die verklaring of definisie gebruik word nie – dit word beskou as 'n sirkeldefinisie (bv. *'n feminis is 'n aanhanger van die feminisme*. As die gebruiker nie die term *feminisme* ken nie, sal hy/sy ook nie kan aflei wat *feminis* beteken nie).

Alle definisies word dan tydens die vergaderings van die onderskeie subvakgebiedkomitees bespreek en goedgekeur en op die databasis aangebring. Die brontaaldefinisies kan sodra hulle nagegaan en goedgekeur is, in die ander doeltaal/-tale vertaal word (vgl. 4.5 en 4.6).

4.4 Woordsoortaanduiding

Woordsoorte moet korrek hanteer word; d.w.s. 'n selfstandige naamwoord moet as sodanig, met ander woorde as selfstandige naamwoord, gedefinieer word en nie byvoorbeeld soos 'n werkwoord of 'n byvoeglike naamwoord nie. Dié reël geld ook vir die ander woordsoorte. 'n Goeie reël is om selfstandige naamwoorde binne 'n *groter raamwerk* te plaas (die sogenaamde genus differentiae-definisie) – bv.: *'n leeu is 'n soogdier en behoort tot die katfamilie wat; 'n stoel is 'n meubelstuk met ...*); werkwoorde word gewoonlik verklaar met behulp van die woorde “om te” en byvoeglike naamwoorde word verklaar deur “met betrekking tot” of deur gebruik te maak van sinonieme (vgl. Alberts 2019a:203; 209).

4.5 Proeflees die brontaalinligting

Die brontaalinligting moet deeglik geproeflees word om te verhoed dat spel- of toeligtingsfoute die omskakelingsproses bemoeilik. Die versamelde terme (oorspronklike vakwoordeboekdata plus bygevoegde data uit geëksperpeerde bronne) moet georden word en alle duplikaat-inskrywings moet verwyder word.

Data wat korrek ingevoer is en behoorlik nagegaan is, beperk probleme wat tydens proefleeswerk mag voorkom.

Dit is belangrik dat die brontaal- terminografiese proses korrek en volledig afgehandel word vóórdat daar met die doeltaal- terminografiese proses begin word.

4.6 Nagaan van brontaalinligting

Sodra die brontaalterme en -definisies van 'n besondere spesialisgebied afgehandel is (of selfs net goed gevorder het), kan die span as vakkomitee bymekaarkom om die probleemterme te bespreek. Die terminoloog/terminograaf verskaf drukstukke vir die vergadering en moet alle besluite noukeurig notuleer en na afloop van 'n vergadering na die databasis oordra.

Die vakkomitee kan uiteraard meer dikwels byeenkom as daar werksverwante probleme opduik of om byvoorbeeld probleemgebiede/probleemterme/probleemdefinisies te bespreek en uit te klaar. Terme (veral probleemterme of hulle definisies) sou ook aanlyn bespreek kon word.

Alle besluite (hetsy deur die subkomitee- of aanlyn vergaderings) moet behoorlik genotuleer word en deur die vakkomitee goedgekeur word.

Die nagegaande brontaalterme en gepaardgaande toeligting word volgens die vakgebied-indeling in 'n gesamentlike lys of volgens die subdissiplines in aparte lyste saamgevoeg vir kommentaar en beoordeling deur vakkundiges en taalkundiges en -praktisyne. 'n Verduidelikende brief behoort die brontaaltermlys te vergesel sodat die deskundiges verstaan wat van hulle verwag word. Hierdie kommentaarlyste kan gedruk word en aan die uitgesoekte, verteenwoordigende groep medewerkers vir wysiging, byvoegings en/of skrapping uitgestuur word of daar kan intyds, byvoorbeeld deur e-pos of internetskakeling, aanlyn kommentaar gelewer word (Alberts 2019a:213–6; kyk Alberts 2019a:215, Voorbeeld 3.24). Andersins kan (aanlyn of fisiese) vergaderings gehou word om die terme en definisies in kommentaarlyste te bespreek. Dit is belangrik om kommentaar van oor die hele land te ontvang, want daar is dikwels verskille in terminologiegebruik in die suidelike en noordelike dele van die land te bespeur.

Bespreek en verwerk al die kommentaar in samewerking met die redaksionele of vakkomitee voordat enige wysigings aangebring word. Hersien die terme en ander inligting op grond van die kommentaar en besprekings en pas die databasis dienooreenkomstig aan (Alberts 2019a:213–6). Finaliseer die brontaalterme en verwante inligting.

4.7 Doeltaalekwivalente

Verskaf termekwivalente in die doeltaal/-tale. As terme geskep word, word dit gedoen in ooreenstemming met die besondere taal se spel- en skryfwyse (ortografie) en die taal se woordvormingsbeginsels (Alberts 2017:90–104; Alberts en Taljard 2022:545). Dit is uiters belangrik om sinvolle ekwivalente in die doeltale te vind, want die terme in die doeltaal/-tale moet nie net terminologies en taalkundig korrek wees nie, maar hulle moet vir die betrokke vakgemeenskap aanvaarbaar en bruikbaar wees (Alberts 2019a:90–104, 209–11).

Vertaal die verklaring/definisie in die doeltaal/-tale (vgl. 4.3.2).

Skakel die teks om sodat die doeltaal nou brontaal word. As die brontaal byvoorbeeld Engels was en die doeltaal Afrikaans, word Afrikaans nou die brontaal en Engels die doeltaal. Eers wanneer die teks omgeskakel is, kan die terminoloog werklik bepaal of die termvertalings eenvormig gedoen is. Daar kan dan bepaal word of die kern- en generiese terme in die verskillende subgebiede en in samestellings gebruik is. Dit gebeur dikwels dat brontaalterme met verskillende doeltaalekwivalente vertaal word (wat 'n vermenigvuldiging van terme tot gevolg het) of dat sekere doeltaalekwivalente uit pas is met vakkundige of terminologiese patroonmatigheide. Sulke terme moet dan deur eindredigering reggemaak word. Wanneer daar na die omgeskakelde teks in druk gekyk word, word inkonsekwenthede makliker raakgesien.

Die volgende voorbeelde van databasisinskrywings toon hoe die bron- en doeltaalinligting in die databasis aangebied sou kon word (vgl. Figure 6 en 7):

Engels (brontaal)

subdissipline (bv. anatomie) / subdiscipline (e.g. anatomy): Bacteriology

voorkeur term / preferred term: **anthrax**

woordsoort / part of speech: *n.*

wetenskaplike naam (Latyn) / scientific name (Latin): ***Bacillus anthracis***

sinoniem/synonym: **splenic fever**

afkorting/abbreviation

kruisverwysing/cross-referencing: *see also* **botulism; brucellosis; dermatophilosis; glanders (farcy)**

definisie/definition: *An infectious bacterial disease contracted by animals and caused by *Bacillus anthracis*. It is an occupational disease for people in close contact with animals (e.g. cattle), as well as workers working with wool and hides and blood and bone meal.*

verbandswoord / contextual word

voorbeeldsin / example sentence

bron/source: *Veeartsenykundige woordeboek*

status (bv. onvoltooid; afgehandel) / state (e.g. incomplete; completed): completed

Afrikaans (doeltaal)

subdissipline (bv. anatomie) / subdiscipline (e.g. anatomy): Bakteriologie

voorkeurtermekwivalent / preferred term equivalent: **miltsiekte**

woordsoort / part of speech: *n.*

wetenskaplike naam (Latyn) / scientific name (Latin): ***Bacillus anthracis***

sinoniem/synonym: **antraks**

sinoniem/synonym: **miltvuur**

afkorting/abbreviation

kruisverwysing/cross-referencing: *kyk ook* **brusellose; dermatofilose; droes; lamsiekte**

definisie/definition: *'n Aansteklike, bakteriese siekte by diere wat deur *Bacillus anthracis* veroorsaak word. Dit is 'n beroepsiekte vir mense wat noue kontak met diere (bv. beeste) het, sowel as werkers wat met wol en huide asook bloed- en beenmeel werk.*

verbandswoord / contextual word

voorbeeldsin / example sentence

bron/source: *Veeartsenykundige woordeboek; Soönoses*

status (bv. onvoltooid; afgehandel)/state (e.g. incomplete; completed): afgehandel

Figuur 6. Voorbeeld van databasisinskrywing: *anthrax*

Engels (brontaal)

subdissipline (bv. anatomie) / subdiscipline (e.g. anatomy): Bacteriology

voorkeurterm / preferred term: **brucellosis**

woordsoort / part of speech: *n.*

wetenskaplike naam (Latyn) / scientific name (Latin)

sinoniem/synonym: **contagious abortion**

afkorting/abbreviation: **CA**

kruisverwysing/cross-referencing: *see also anthrax; botulism; dermatophilosis; glanders (farcy)*

definisie/definition: *A highly infectious bacterial disease contracted by cattle, goats, sheep, pigs, dogs and game which can infect humans*

verbandswoord / contextual word

voorbeeldsin / example sentence

bron/source: *Veeartsenykundige woordeboek*; Du Preez, J.H. en G.P. du Preez. 2019. *Dieriesiektes en die mens. Soönoses.*

status (bv. onvoltooid; afgehandel) / state (e.g. incomplete; completed): incomplete

Afrikaans (doeltaal)

subdissipline (bv. anatomie) / subdiscipline (e.g. anatomy): Bakteriologie

voorkeurtermekwivalent / preferred term equivalent: **brusellose**

woordsoort/part of speech: *n.*

wetenskaplike naam (Latyn) / scientific name (Latin)

sinoniem/synonym: **besmetlike misgeboorte**

afkorting/abbreviation: **BM**

kruisverwysing/cross-referencing: *kyk ook dermatofilose; droes; lamsiekte; miltsiekte*

definisie/definition: *'n Hoogs aansteeklike bakteriese siekte by beeste, bokke, skape, varke, honde en wild wat mense kan aantas*

verbandswoord / contextual word

voorbeeldsin / example sentence

bron/source: *Veeartsenykundige woordeboek*; Du Preez, J.H. en G.P. du Preez. 2019. *Dieriesiektes en die mens. Soönoses.*

status (bv. onvoltooid; afgehandel) / state (e.g. incomplete; completed): onvoltooid

Figuur 7. Voorbeeld van databasisinskrywing: *brucellosis*

Die terme *anthrax* en *brucellosis* kan soos volg in 'n vakwoordeboek aangebied word (Figuur 8):

Brontaal: Engels

anthrax *n.* (***Bacillus anthracis*, splenic fever**) {see also **botulism; brucellosis; dermatophilosis; glanders (farcy)**} <An infectious bacterial disease contracted by animals and caused by *Bacillus anthracis*. It is an occupational disease for people in close contact with animals (e.g. cattle), as well as workers working with wool and hides and blood and bone meal.>: **miltsiekte** *n.*, ***Bacillus anthracis*, antraks, miltvuur** {kyk ook **brusellose; dermatofilose; droes; lamsiekte**} <'n Aansteeklike, bakteriese siekte by diere wat deur *Bacillus anthracis* veroorsaak word. Dit is 'n beroepsiekte vir mense wat noue kontak met diere (bv. beeste) het, sowel as werkers wat met wol en huide asook bloed- en beenmeel werk.>

***Bacillus anthracis* → anthrax**

brucellosis *n.* (**CA, contagious abortion**) {see also **anthrax; botulism; dermatophilosis; glanders (farcy)**} <A highly infectious bacterial disease contracted by cattle, goats, sheep, pigs, dogs and game which can infect humans.>: **brusellose** *n.*, **besmetlike misgeboorte, BM** {kyk ook **dermatofilose; droes; lamsiekte; miltsiekte**;}<'n Hoogs aansteeklike bakteriese siekte by beeste, bokke, skape, varke, honde en wild wat mense kan aantast.>

CA → brucellosis

contagious abortion → brucellosis

splenic fever → anthrax

Doeltaal: Afrikaans

antraks → miltsiekte

***Bacillus anthracis* → miltsiekte**

besmetlike misgeboorte → brusellose

BM → brusellose

brusellose (BM, besmetlike misgeboorte) <'n Hoogs aansteeklike bakteriese siekte by beeste, bokke, skape, varke, honde en wild wat mense kan aantast.>: **brucellosis, contagious abortion, CA** <A highly infectious bacterial disease contracted by cattle, goats, sheep, pigs, dogs and game which can infect humans.>

miltsiekte *n.* (***Bacillus anthracis*, antraks, miltvuur**) <'n Aansteeklike, bakteriese siekte by diere wat deur *Bacillus anthracis* veroorsaak word. Dit is 'n beroepsiekte vir mense wat noue kontak met diere (bv. beeste) het, sowel as werkers wat met wol en huide asook bloed- en beenmeel werk.>: **anthrax** *n.*, ***Bacillus anthracis*, splenic fever** <An infectious bacterial disease contracted by animals and caused by *Bacillus anthracis*. It is an occupational disease for people in close contact with animals (e.g. cattle), as well as workers working with wool and hides and blood and bone meal.>

miltvuur → miltsiekte

Figuur 8. Inskrywings van die terme *anthrax* en *brucellosis* in 'n vakwoordeboek

4.8 Verenig bron- en doeltaal/-tale

Ná omskakeling is dit die werk van die vakkomitee (of van 'n kernkomitee wat aangewys is uit die geledere van die vakkomitee wat as eindredaksie optree) om al die probleme wat na aanleiding van die omskakeling aan die lig kom, sinvol op te los en vir databasis-/woordeboekdoeleindes reg te stel. Alle onopgeloste terminologiese inkonsekwenthede moet bespreek word. Met omskakeling en eindredigering sal terme wat byvoorbeeld patroonmatig uit pas is, onnodige vertraging van die eindproduk tot gevolg hê.

Die termversameling word na die omskakelingsproses in 'n verenigde alfabetiese termlys, m.a.w. brontaal-doeltaal/doeltaal-brontaal (BT-DT/DT-BT) as konseplys gedruk. Daar mag in hierdie stadium steeds leemtes of foute in die terminologieversameling wees wat tydens die redaksionele bewerking reggestel moet word.

Stuur die verenigde, omgeskakelde lys vir kommentaar en beoordeling deur vakkundiges en taalkundiges (bv. die nasionale taalliggame en/of die nasionale leksikografiese eenhede van PanSAT). Skryf 'n begeleidende brief om te verduidelik wat van die deskundiges verwag word ten opsigte van kommentaar (bv. wysiging, byvoeging, skrapping) (vgl. Alberts 2019a:213–6). Let daarop dat die lede van die nasionale taalliggame en nasionale leksikografiese eenhede slegs kommentaar op taalkundige aspekte (woordvorming, spelling en skryfwyse) kan lewer, aangesien hulle nie vakkundiges is nie.

Hierdie proses kan ook aanlyn geskied (Alberts 2019a:215).

4.9 Redaksionele bewerking

Enige kommentaar wat van medewerkers ontvang word, moet tydens redaksionele vakkomitee-vergaderings bespreek word en die databasis moet dienooreenkomstig aangepas word.

Dit is van belang dat die verskillende lede van die vakkomitee gereeld byeen moet kom, hetsy fisies of aanlyn, om die terme wat reeds van termekwivalente en ander termtoeligting voorsien is, te bespreek ten einde daardie terme dan as afgehandel te beskou.

Die brontaal behoort eerste voltooi te word voordat daar na die doeltaal/-tale beweeg kan word. Verwarring kan plaasvind indien die brontaal nie korrek is nie, en dit gee aanleiding tot onnodige hersiening/bewerkings. Indien doeltaalinligting egter wel bekend en korrek is, kan dit dadelik gedokumenteer word en as afgehandel beskou word.

Die vergaderings kan opgevolg word met korrespondensie, oorlegpleging, debatte, besprekings, beredenering, oorweging en beraadslaging totdat eenstemmigheid oor ekwivalente en definisies bereik is. Sommige terme lewer min probleme op, terwyl konsensus oor ander nie maklik bereik sal word nie.

Die sekretaris/projekkoördineerder/terminoloog moet deeglik notule hou van wat tydens hierdie vergaderings besluit word, sodat die databasis dienooreenkomstig bygewerk kan word.

Ná afloop van 'n redaksionele vergadering bring die terminoloog ook die nodige wysigings op die databasis aan van terme en/of verklarings/definisies wat reeds ingesleutel was, maar wat om bepaalde redes op die jongste vergadering deur die vakkomitee gewysig/aangepas is.

Die wysigings word as bylae by die agenda van die volgende redaksionele vergadering aangeheg sodat die vakkundiges kan kontroleer of die notulehouer die wysigings korrek aanbring het.

Hierdie proses word vir elke afsonderlike terrein (subvakgebied) herhaal totdat die vakwoordeboek voltooi is.

Die hersienings- en bywerkingsproses kan vinniger afgehandel word indien die kenners op die verskillende terreine gelyktydig daaraan werk. Hulle kan dan die afgehandelde terme waarvoor hulle elkeen verantwoordelik is, op die redaksionele vergaderings voorlê, en die afgehandelde terminligting kan in die databasis ingesleutel word.

Nadat alle terminologiese en vakgerigte probleme opgelos is, word die termlys termkundig, taalkundig en redaksioneel versorg en geredigeer.

Die data word op die databasis as *afgehandel* gemerk sodra die bron- en doeltaalterme en -definisië bespreek, goedgekeur en ooreenkomstig die voorgestelde wysigings op die databasis reggemaak is. Sodra die bron- en doeltaale volledig behandel is, kan die hersiening-, bywerking- en samestellingsproses as afgehandel beskou word.

4.10 Assessering/datavalidering

Die hersiene en bygewerkte teks moet behoorlik geëvalueer word om die volgende te verseker:

- Dat die nodige toeliggende inligting van alle terme wat tot die lys toegevoeg behoort te word, verskaf is.
- Dat oortollige terme wat nie in die betrokke vakgebied hoort nie, en gevolglik ook nie in die beplande vakwoordeboek opgeneem behoort te word nie, geskrap is.
- Dat die begrippe behoorlik benoem is. Gebruik bestaande brontaalterme vir die begrippe. Vermy sinonieme sover moontlik om eenduidigheid te verseker. Terminologiese werk is eksak en geen emosionele konnotasies word aan begrippe en terme geheg nie.
- Dat indien die brontaalterm reeds 'n doeltaalekwivalent het, daardie doeltaalekwivalent gebruik word sodat die brontaalterm nie van nuuts af benoem word nie. 'n Vermenigvuldiging van terme en die gebruik van sinonieme lei tot kommunikasieprobleme. In terminologie word die beginsel van “een begrip, een term” gebruik – daar is dus 'n een-tot-een-verhouding tussen begrip en term (Alberts 2019a:47, 61, 63, 244). As 'n term eenduidig benoem is, sal die term binne die bepaalde vakgebied gestandaardiseer raak en die vakgebied en betrokke taal as sodanig binnedring.
- Dat die begrip in eenvoudige taal verklaar/gedefinieer is en die verklaring/definisie so kort moontlik is. Sorg moet egter gedra word dat die inligting wat nodig is om die inligting oor die begrip behoorlik te ontsluit, wel verskaf word.
- Dat die term wat verklaar/gedefinieer word, nie in die verklaring/definisie gebruik word om homself te verklaar nie (sirkeldefinisie).
- Dat die verskillende woordsoorte as sodanig, met ander woorde selfstandige naamwoorde as selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde as byvoeglike naamwoorde en werkwoorde as werkwoorde gedefinieer is en nie byvoorbeeld selfstandige naamwoorde as werkwoorde of omgekeerd nie. Dit lei tot verwarring as 'n selfstandige naamwoord se definisie eerder as 'n werkwoord verklaar word.
- Dat die woordvormingsbeginsels, spel- en skryfreëls van die bron- en doeltaale gevolg is.
- Dat taal- en spelfoute reggestel is.
- Dat die kern- en generiese terme van die betrokke vakgebied ingesluit en behoorlik benut is.

- Dat vakkundige insette benut is, soos onder andere:
 - Dat die vakkundiges wat saam aan 'n vaktaalprojek gewerk het, saam oor die inhoudelike van die vakgebied besluit het (t.o.v. hersiening, skrapping, wysiging, bywerking)
 - Dat hulle oor die register – formeel, informeel, omgangstaal – besluit het
 - Dat hulle beheer het oor die vakkundige inligting wat met behulp van (gestandaardiseerde) definisies en terme oor die bepaalde vakgebied versprei word
 - Dat hulle mekaar kon raadpleeg en gevolglik seggenskap het oor die dokumentering van die terminologiese inhoud van die vakgebied en subvakgebiede
 - Dat hulle kommentaar kon lewer oor brontaaldefinisies en -terme
 - Dat hulle beheer het oor die vertaling van definisies en termekwivalente in die doeltaal/-tale
 - Dat hulle deel het aan die verspreiding van vakkundige inligting (vakwoordeboeke, termlyste, aanlyn vaktaalprodukte)
 - Dat hulle 'n bydrae lewer deur die herhaalde gebruik van die terminologie van 'n bepaalde vakgebied en daardeur te veroorsaak dat die terminologie gestandaardiseer raak.
- Dat taalkundige insette benut is, soos onder andere:
 - Dat die Taalkommissie van die SAAWK met Afrikaanse taal-, spel- en skryfwyseprobleme kon help
 - Dat taalkundiges en taalpraktisyns inspraak kon hê by die beoordeling van brontaal- en doeltaaldefinisies en -terme
 - Dat taalkundiges en taalpraktisyns verbonde aan nasionale, provinsiale en plaaslike-regeringsinstansies en private instellings nie net insette kon lewer op benoemings of nuutskeppings nie, maar dat hulle ook van die terme bewus raak en hulle gevolglik begin gebruik – wat lei tot die standaardisering van terme, want wanneer terme gebruik word, vind hulle deur gereelde gebruik inslag, dring die vakgebied en bronen doeltale binne, en raak so gestandaardiseerd
 - Dat bydraes gelewer word tot taalontwikkeling wanneer sowel bestaande begrippe as nuwe begrippe meertalig verklaar en benoem word
 - Dat die onnodige vermenigvuldiging van terme vir dieselfde begrip uitgesluit/verminder word
 - Dat die Terminologiekoördineringsafdeling, Nasionale Taaldiens, Departement van Sport, Kuns en Kultuur as nasionale terminologieskantoor ook by enige terminologieprojek betrek behoort te word – veral met die oog op samewerking aan meertalige vaktaalprojekte
 - Dat die 12 nasionale leksikografiese eenhede (NLE's) van PanSAT geraadpleeg kan word om (meertalige) taalkundige leiding te verskaf
 - Dat die 13 nasionale taalliggame (NTL'e) van PanSAT (NTL'e van die amptelike tale plus die Khoi- en San-NTL'e – indien die data in hierdie tale verskaf sou word) geraadpleeg kan word om (meertalige) taalkundige leiding te verskaf
 - Dat meertalige verrykte terminologiese inligting wat nasionaal aan gebruikers beskikbaar gestel word, vakkommunikasie bevorder.

4.11 Finale afronding

Indien die vakwoordeboek gepubliseer gaan word, is die voorsitter van die redaksionele komitee verantwoordelik vir die skryf van die voorwoord. Dit is dus van belang dat hy/sy deurlopend aantekeninge hou van die geskiedenis, verloop, hersiening en bywerking van die betrokke vakwoordeboek.

Die voorsitter en notulehouer/terminoloog kan die voorstukke (vgl. Alberts 2019a:226, 231–51) van die vakwoordeboek saam voorberei. Die voorstukke is die gedeeltes in 'n woordeboek wat die redaksionele beleid uitspel en dit word gewoonlik net in die gedrukte weergawe van 'n vakwoordeboek vermeld en nie in die e-weergawe daarvan nie. Daarin word:

- vermeld wat die spesifieke nut van die vakwoordeboek vir welke teikengebruikers is
- vermeld waarom die vakwoordeboek bepaalde terreine dek en ander uitlaat
- vermeld watter probleme ondervind is tydens die saamstel van die vakwoordeboek
- vermeld waarom 'n spesifieke tipologie gekies is
- vermeld watter metodiek gevolg is
- verantwoording gedoen oor die keuse van bron- en doeltaal/-tale en gesê wat die spesifieke vakwoordeboek se bydrae is tot die algemene ontwikkeling van die besondere tale
- probleemterme bespreek
- 'n uiteensetting gegee van die wyse waarop die vakwoordeboek gebruik moet word en wat die betekenis van die onderskeie inligtingsvelde is (die oorspronklike stylgids word hiervoor gebruik).

Dit is van die uiterste belang dat die redaksionele komitee hom kan verantwoord, en daarom is dit van belang dat alle besluite behoorlik genotuleer word.

Die agterstukke (vgl. Alberts 2019:232, 403) van die vakwoordeboek moet ook voorberei word. Daarin word onder meer 'n bibliografie verskaf van alle bronne, vakwoordeboeke en algemene woordeboeke, instansies, individue, en so meer wat geraadpleeg is. Indien die redaksionele komitee besluit om bylaes van watter aard ook al in te voeg, vorm dit ook deel van die agterstukke. Die inhoud van bylaes wat agterin bygevoeg word, moet funksioneel pas by die terminologiese inligting wat in die alfabetiese deel aangebied word en moet dus die publikasie se waarde as naslaanbron verhoog (bv. Latynse regsterme en -frases wat deel is van die sentrale deel van 'n regswordeboek, maar wat ook as 'n afsonderlike lys in die agterstukke opgeneem is om as vinnige naslaanbron te dien vir gebruikers wat nie met Latyn vertrou is nie).

Die konsep/proefweergawe van die vakwoordeboek moet behoorlik deur die redaksionele komitee geproeflees word om te verseker dat daar geen foute in voorkom nie. Die voordeel van 'n gerekenariseerde databasisprogram is dat as die data korrek ingevoer is, dit die moontlikheid van foute grootliks uitskakel.

Sodra die teks behoorlik finaal geredigeer is, kan 'n finale drukstuk of e-kopie aan die uitgewer gegee word en dan volg die set-, proeflees- en drukproses – as die vakwoordeboek in boekvorm gaan verskyn – en, uiteindelik, die publikasie daarvan.

Wanneer die vakwoordeboek geset is, moet die redaksionele span die proewe proeflees. Alle wysigings word op die proewe aangebring en die uitgewer bring die nodige wysigings aan. Indien daar groot wysigings is, word die proses met skoon proewe herhaal. Indien die inhoud van die databasis behoorlik nagesien en geproeflees is, behoort daar min proefleesfoute in drukkersproewe voor te kom.

Dit is van belang dat die databasis aangepas word indien daar proefleesfoute of wysigings aan proewe was – dit sal verseker dat die databasis steeds korrek is en vir herdrukke, bywerkings (bv. vir ander doeltale) of hersienings gebruik sal kan word.

Die terminografiese data kan ook aanlyn op verskillende platforms gepubliseer word.

Bemark die vaktaalproduk(te), byvoorbeeld satellietprojekte volgens subdisiplines, vakwoordeboek, aanlyn data. Versprei die terminologiese data aan vakkundiges, taalpraktisyne en leke sodat die terme deur herhaalde gebruik die vakgebied kan binnedring en gestandaardiseer word (vgl. Alberts 2019a:217–9).

Dit is belangrik om te besef dat die saamstel van enige vaktaalproduk (hetsy vakwoordeboek, termlys of aanlyn terminologieproduk) 'n langsame, tydrowende en ondankbare werk is. Die samestellers moet ook besef dat enige vakgebied, en ook die tale waarmee hulle werk, dinamies en onderhewig aan groei en verandering, hersiening en bywerking is. Geen woordeboek is ooit finaal en volledig nie; die samestellers moet bloot op 'n afsluitdatum vir die bepaalde vaktaalprojek besluit, al weet hulle dat daar spoedig daarna weer nuwe ontwikkeling op die vakgebied sal wees wat nuwe terme sal voortbring en nuwe ekwivalente in doeltale sal verg wat in die vakwoordeboek opgeneem sou kon word. 'n Voortsettingskomitee kan saamgestel word om die aanhoudende stroom van nuwe terme wat as gevolg van voortdurende ontwikkeling en vernuwing ontstaan, te versamel, en in die databasis te orden met die oog op moontlike hersiening en bywerking van die vaktaalproduk.

5. Samevatting

Hierdie artikel fokus op terminologiese beginsels en die terminografiese proses wat gevolg kan word om bestaande vakwoordeboeke en termlyste te hersien en by te werk. Die terminografiese proses (die terminologiepraktyk) kan vakkommunikasie in verskeie vakgebiede, dissiplines en domeine bevorder en sal help om die amptelike, provinsiale en streekstale in funksionele tale te ontwikkel – tale wat op enige terrein van menslike aktiwiteit gebruik kan word. Vakkundiges se bydrae tot vaktaalontwikkeling moet nie onderskat word nie en daarom is bepaalde praktiese riglyne verskaf om hulle in staat te stel om bestaande vaktaalprodukte te (help) hersien, by te werk en selfs nuwe terminologie te skep.

Bibliografie

Abdulaziz, M.H. 1989. Development of scientific and technical terminology with special reference to African languages. *Kiswahili*, 56:32–49.

Alberts, M. 1983. Aspekte van die rekenarisering van vakwoordeboeke. MA-verhandeling. Universiteit van Pretoria.

—. 1988. Vaktaalontwikkeling in Suid-Afrika, *INEG 917*, Akademie-argief: AR 49: Agenda 19.6.1988, bylae.

—. 1990. 'n Bepaling van Afrikaanse vakleksikografiese behoeftes. DLitt et Phil-proefskrif, Unisa.

—. 1992. Behoeftebepaling in die leksikografie. *Lexikos* (Afrilex-reeks 2), 2:1–27.

—. 1998a. Vaktaalontwikkeling in Suid-Afrika. Referaat gelewer by LVSA-kongres, 1 Julie, Potchefstroom.

—. 1998b. Assistance to provinces: Terminology Division. Ongepubliseerde NLS-dokument. Pretoria: DKKWT.

—. 2003. Vaktaalontwikkeling en -opleiding in Suid-Afrika. In Botha (red.) 2003:127–61.

—. 2010. National language and terminology policies – a South African perspective. *Lexikos* (Afrilex-reeks 20), 20:599–620.

—. 2015. Die Akademie se vaktaalburo – verlede, hede en toekoms. Ongepubliseerde verslag opgestel in opdrag van die Dagbreek Trust en die SAAWK, Desember.

—. 2017. *Terminology and terminography principles and practice. A South African perspective*. Milnerton: MJL Publishers.

—. 2019a. *Terminologie en terminografie: 'n handleiding*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

—. 2019b. Hersiening en bywerking van bestaande vakwoordeboeke. Opsomming van die verkennende gesprek met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK), Pretoria. E-pos, 4 November.

—. 2019c. Voorgestelde proses vir die hersiening en bywerking van die *Veeartsenykundige Woordeboek / Veterinary Science Dictionary*. Ongepubliseerde projekvoorstel en riglyndokument aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK), Pretoria. E-pos, 11 November.

—. [2025]. Die eerste eeu van Afrikaans as vaktaal, 1925 tot 2025. Bydrae in voorbereiding vir insluiting in Carstens en Bosman (reds.) 2025.

Alberts, M. en M. Jooste. 1998. Lexicography, terminography and copyright. *Lexikos* (Afrilex Series 8), 8:122–49.

Alberts, M. en N. Mollema. 2013. Developing legal terminology in African languages as an aid to the court interpreter. A South African perspective. *Lexikos* (Afrilex series 23), 23:29–58.

Alberts, M. en E. Taljard. 2022. Terminologie. In Carstens en Van Dyk (reds.) 2022:539–56.

Beukes, A. en M. Pienaar. 2010. *Veeltalige vertaalterminologie. Multilingual translation terminology*. Pretoria: Van Schaik.

Beyer, L. en P.A. Louw. 2022. Aspekte van vernuwing in die Afrikaanse leksikografie: standaard- en pedagogiese woordeboeke as barometer. In Bruwer en Odendaal (reds.) 2022:25–48.

Botha, T.J.R. 1989. Afrikaans sedert die negentiende eeu. In Botha, Ponelis, Combrink en Odendal (reds.) 1989:127–54.

Botha, T.J.R., F.A. Ponelis, J.G.H. Combrink en F.F. Odendal (reds.). 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica.

Botha, W. (red.). 2003. *'n Man wat beur. Huldigingsbundel vir Dirk van Schalkwyk*. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Bruwer, N. en G. Odendaal (reds.). 2022. 'n Man met 'n plan. Huldeblyk aan Willem F. Botha. *Lexikos* (Afrilex-reeks 32B), 32(3):2022. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Calteaux, K. 2022. Private e-posboodskap: Inligting oor SADiLaR asb. 2021-02-22.

Carstens, W.A.M. en N. Bosman (reds.). [2025]. Temanommer: *Die erkenning en wetlike verordening van Afrikaans as een van die amptelike tale van Suid-Afrika* (voorlopige titel) (in voorbereiding vir *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Maart 2025).

Carstens, W.A.M. en T.J. van Dyk (reds.). 2022. *Toegepaste taalkunde in Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.

Cluver, A.D. de V. 1987. A sociolinguistic approach to the study of technical languages. *Logos*, 7(2):13–30.

—. 1989a. *A manual of terminography*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

—. 1989b. *Dictionary of terminography / Terminografiewoordeboek*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Du Preez, J.H. en G.P. du Preez. 2019. *Dieresiektes en die mens. Soönoses*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Ferreira, D.M. 2002. Terminologiebestuur in Suid-Afrika met spesifieke verwysing na die posisie van histories ingekorte tale. PhD-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat.

Goosen, M. 2024. 'n Kritiese analise van terminologiebestuur binne die Suid-Afrikaanse konteks. PhD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Jooste, M. 1997. Copyright. Systems development and research. Ongepubliseerde dokument. Nasionale Terminologiedienste (NTD), Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (DKKWT).

Layton, R.L. en M. Alberts. 2024. National policy on terminology. Ongepubliseerde verslag. Pretoria: Departement van Sport, Kuns en Kultuur.

Luther, J. 2005. Vaktaalontwikkeling. Ongepubliseerde dokument.

Mollema, N. en M. Alberts. 2011. Terminological research. A practical guide for court interpreters. Referaat gelewer by 'n kongres van die Departement van Justisie: The value and professionalism of the court interpreter, 14–15 Oktober, Universiteit van die Vrystaat.

Mtintsilana P.N. en R. Morris. 1988. Terminography in African languages in South Africa. *South African Journal of African Languages*, 8(4):109–13.

Nkabinde, A.C. 1992. Lexicography in Zulu. In *Algemene en vakleksikografie in die praktyk: referate gelewer tydens 'n werkwinkel in Pretoria op 16 Junie 1992*. Pretoria: Departement van Nasionale Opvoeding.

OERTB (Online Educational Resource Term Bank). 2017. <http://www.oertb.com>.

SADiLaR (Suid-Afrikaanse Mensliketaaltegnologieprogram). 2024. <https://www.sadilar.org/index.php/en>.

Scholtz, J. du P. 1980. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.

Taalsentrum, Universiteit Stellenbosch. 2024. Taalsentrumterminologie. <https://languagecentre.sun.ac.za/trilingual-terminology-website-launched>.

TCS (Terminology Coordination Section), Department of Arts and Culture. 2018. <https://www.dac.gov.za/terminology-list>.

Vaktaalburo, Departement van Nasionale Opvoeding. 1978. *Veeartsenykundige woordeboek / Veterinary science dictionary*. Pretoria: Staatsdrukker.

Van Rensburg, C. 2021. *Die Afrikaanse woordelys en spelreëls se eerste honderd jaar*. Pretoria: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Viva (Virtuele Instituut vir Afrikaans). 2024. <https://viva-afrikaans.org>.

Wikipedia. 2024. http://www.af.wikipedia.org/wiki/lys_van_Afrikaanse_vakwoordeboeke_en_terminologielyste.